MATIE-land



Pectora roborant cultus recti

JAARGANG 4 NOMMER 3 DESEMBER 1960

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH



Waardevolle Besittings



Om u waardevolle besittings goed op te pas, is 'n bankdiens wat u baie nuttig kan vind. Ons Bestuurders en personeellede by meer as 850 Takke en Agentskappe sal u navrae verwelkom, en sal u met genoeë meedeel omtrent die reëlings wat getref is vir hierdie diens.

Persoonlike besittings kan dikwels nie vervang word nie

BESTE BRANDEWYN IN DIE BRITSE RYK

OUD-24a

r-e-k hulle



was hulle

Wolnit
SUPER

REKNYLON EN WOL-EN-REKNYLON

VIR MANS EN SEUNS



Die Sokkies wat Voete kry • *Een grootte pas elke voet*

PYNAPPEL
PERSKE
PRUIM
POMELO
APPELKOOS
TAMATIE
LEMOEN
KOEJAWEL
KOO
Heerlike
verfrissende
VRUGTESAPPE!
KOO
Die Sportman se drankie!

Bank
en spaar
by u eie bank

U voel tuis
by

VOLKSKAS
BEPERK

(Geregistreerde handelsbank)

Hoofkantoor: Pretoria

VZ1246A

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUDSTUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

BUN BOOYENS

MET MEDEWERKING VAN

DIE AFDELING OPENBARE BETREKKINGE

JAARGANG 4 DESEMBER 1960 No. 3

INHOUD

REDAKSIONEEL

Ons Breër Universiteitsopvoeding 7

UNIVERSITEITSNUUS

Uitdienstrede van prof. C. G. W. Schumann 8
Nuwe Aanstellings 9
Grootse Toneelbeléwenis 10
Gradedagplegtighede 10
Geografiese Navorsing in Suidwes-Afrika 12
Nuwe Studierigtings vanaf 1961 12
Oor Beurse en Stipendia 12
Nuus oor Koshuise 13
Sangfeesdirigente Vereer 14
Maties in Groen en Goud, 1960 14
„Oom Van" kom die hele ent pad saam 15

ARTIKELS

Die Akademiese Jaardag van die Geneeskundige Fakulteit Universiteit van Stellenbosch en die Karl Bremer-Hospitaal 16

Unieke Koshuisrugby op Vrydagmiddae 18

SÓ ONTHOU EK MATIELAND 21
SÓ BOU HUL MATIELAND 25
OUD-MATIEBONDTAKKE 27
VAN HEINDE EN VERRE 29
ONS ONTHOU HULLE.... 29
BRIEWEBUS 31
DIE „MATIELAND"-FONDS 34

BUITEBLADFOTO:
Lentetoneel, Coetzenburgbrug.

Ons Breër Universiteitsopvoeding

OOR die kwessie van die wese en taak van 'n Universiteit, bestaan daar uiteenlopende menings. Oor die aard, omvang, ideaal en produk van Universiteitsopleiding, word in hierdie tye waarin die moderne mens hom van die nut van sy peil van opvoeding moet rekenskap gee, so deurtastend soos nooit tevore besprekings gevoer.

Ontbloot van al die aanhangsels en optooisels wat die karakter van die moderne onderwys mag aankleef, sien ons die universiteitsopvoeding basies saamgestel uit die volgende drie elemente: onderrig, navorsing en selfopvoeding. Onderrig alleen, hoe voortreflik ook al, vermag nie veel meer as waartoe die skool in staat is nie; navorsing, hoe essensieel ook al in hierdie atoom-eeu, verteenwoordig slegs 'n belangrike faset van die mens se aanpassingsvermoë, terwyl die toerustingsarbeid wat die mens aan homself verrig, nog steeds 'n hoë toets stel aan sy inherente waarde en waardigheid.

Besien binne die lewenspatroon van die deursnee-universiteitstudent, bestaan *onderrig* uit mededelings in die voorlesingsaal, voorligting, die inskerping van basiese feite en grondbeginsels, persoonlike leiding van en beinvloeding deur dosente. Die element van *navorsing* kom tot sy reg in die laboratorium, die prikkeling van die ervaringsdrang, die selfstandige delwery na nuwe kennis oftewel nuwe probleme, die aanpak en deurvoer van projekte en opnames, die naarstige naslaanwerk in die biblioteek wat uitloop op die verhandeling en seminaar. *Selfopvoeding,* op die ander front, berus op die gebruikmaak van fasiliteite en geleenthede wat die universiteit enersyds en die studie-omgewing andersyds aanbied.

Watter één van hierdie drie het, agterna bekyk, die grootste bydrae tot die toerusting van die student van gister, die oud-Matie, gelewer? Aldrie sonder twyfel, dog selfopvoeding — die uitkoop van wat Matieland so vriendelik aangebied het — nie die geringste nie.

Hierdie mobilisering van die potensiële waardes word in die lewe van 'n student bepaal deur oordeelkundige en gedissiplineerde studie, vryetydsbesteding, ontvanklikheid van gees, die rypheid waarmee hy sy universiteitsloopbaan aanvang en sy ingesteldheid en vermoë om die maksimum geestelike toerusting uit sy verblyf te haal. Dit word verder bepaal deur sy begrip van wat die Universiteit in sy volste sin omvat, die mate waarmee hy hom sal oorgee aan die gesindheid van studentwees, die leiding wat hy ontvang en volg, sy deelname aan universiteits- en studentebedrywighede en die kontakte wat hy aanknoop en handhaaf met medestudente uit 'n verskeidenheid van studievelde.

Stellenbosch as residensiële universiteit, met sy 4,500 studente — uit hoofde van sy hoshuisstelsel — só saamgegroepeer dat hul 'n unieke, hegte gemeenskap vorm, is uitnemend geskik om al die middele tot volle selfopvoeding in die hande van die individuele student te plaas. Hierdie sametrekking van duisende studente binne 'n duidelik afgebakende gebied skep 'n intense onderlinge samehorigheidsgevoel wat bevrugtend inwerk op die ontvanklike gees van die leer- en weetgierige student.

Doen 'n rondte by die talle kennisgewingborde op die kampus en in die koshuise, verneem daar van die ryk verskeidenheid wat aangebied word in die vorm van spesiale en openbare voorlesings, simposiums, besprekings, op- en uitvoerings — dit is 'n kursus vir die uitsoekerige, 'n universiteit binne die Universiteit. Die student wat sy gees en sinne tot skerpte wil slyp of die bietjie ekstra tot sy besondere vakrigting wil toevoeg, word hier die gereedskap in die hand gegee.

Binne fakulteite en departemente woeker die lewenskragtige akademiese verenigings, sy dit die Bantoe-studiekring, Juridiese Vereniging, die Vereniging vir Ekonomie en Handel of die Afrikaanse Studiekring. Studente in die

Ingenieurswese, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Landbou, Sielkunde, Geskiedenis, Klassieke Tale, en selfs die jeugdige Geneeskundige rigting — om slegs enkeles te noem — beraadslaag, luister, leer of werk binne die raamwerk van hul eie partikuliere verenigingslewe.

Die groot, intiem-warme Carnegie-Biblioteek en tal van departementele boekerye is tot beskikking van die student; daar is uitstallings, groepsaktiwiteite, besprekingsgroepe oor rasse- en ander landsvraagstukke, organisasies vir kulturele en geestelike verdieping, sport- en sosiale funksies. En oral arbei die roepingsbewuste student tot suiwering en opbouing van sy gees, wen sodoende aan leiers- en persoonlikheidseienskappe en aan 'n positiewe en ingeligte burgerskapsbesef.

In hierdie selftoerustingsproses ontdek die student 'n teenvoeter teen oordrewe spesialisasie, verbind hy hom aan mede studente op 'n wyse wat oud-Matieskap later vir hom 'n besondere sin verleen, kweek hy blywende belangstellings buite die kring van sy lewensberoep en ontwikkel hy tot ware student onder die besef dat verborge vergesigte ook ánderkant die horison van sy eie vakgebied uitstrek.

Nie in ingegewe onderrig *alleen* nie, nie in gespesialiseerde navorsing *alleen* nie, maar in albei, tot volmaakte ewewig aangevul deur die voorreg tot ruimer addisionele selfopvoeding, lê tegelyk die wese en die uitnemendheid van die breër universiteitsopleiding.

UNIVERSITEITSNUUS

Uitdienstrede van prof. C. G. W. Schumann

CHRISTIAN G. W. SCHUMANN is net voor die einde van die vorige eeu gebore. Sy ouers was lede van 'n klein groepie Duitse sendelinggesinne, wat as 'n groep alreeds veel leidende persoonlikhede vir Suid-Afrika opgelewer het. Nadat hy die jare van sy jeug in Klein Drakenstein deurgebring het, en sy skoolloopbaan in die Paarl afgelope was, is hy na Stellenbosch waar hy in 1919 die B.Sc.-graad in Wiskunde, Fisika en Toegepaste Wiskunde met lof verwerf het. Toe het Helpmekaar-Vereniging studente soek om in die Ekonomie en Handel te studeer ten einde die Afrikaner in sy ekonomiese ontwikkeling te help, was die een-en-twintigjarige bereid om 'n heeltemal nuwe studierigting aan te pak. Daarvoor is hy na die Nederlandsche Economische Hoogeschool in Rotterdam, waar hy in 1923 die doktorale eksamen afgelê en in 1928 die doktorsgraad in die Handelswetenskappe verwerf het op die proefskrif: *Die Kredietmark in Suid-Afrika.*

Met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1924, is hy as die eerste dosent in die Bedryfsekonomie, met die status van senior lektor, aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel. In 1932 is hy tot hoogleraar bevorder, en sedert 1936 tree hy op as dekaan van die Handelsfakulteit. Vanaf sy aanstelling dateer die opkoms en groei van die Handelsfakulteit van die Universiteit van Stellenbosch. Die Fakulteit en prof. Schumann het sinoniem geword. Getrou bygestaan deur dosente soos prof. S. J. Pretorius — die huidige registrateur van die Universiteit — wat destyds nog sowel die Ekonomie as Statistiek gehanteer het, het hy die jong Fakulteit met sy twee studente en vier dosente sien groei tot 'n Fakulteit met 345 studente en twintig dosente. Op sy inisiatief is onder andere 'n Diplomakursus in die Handelswetenskappe,

Prof. dr. C. G. W. Schumann

die Buro vir Ekonomiese Ondersoek, en 'n buitemuurse afdeling van die Fakulteit in Bellville in die lewe geroep.

Ten spyte van veelvuldige werksaamhede het hy die tweede deel van die akademikus se taak, nl. navorsing, nooit verwaarloos nie. Inteendeel. Uit sy pen het, benewens *Die Kredietmark van Suid-Afrika*, ook verskyn *The World Depression, South Africa and the*

Gold Standard, Structural Changes and Business Cycles in South Africa, Die Ekonomiese Posisie van die Afrikaner, en 'n aansienlike getal artikels in wetenskaplike tydskrifte, terwyl hy ook mede-outeur was van *Inleiding tot die Ekonomie* en die verwerkte uitgawe daarvan, *Ekonomie: 'n Inleidende Studie* en sommige uitgawes van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek. Hy tree ook dikwels op as spreker oor ekonomiese aangeleenthede.

Vir sy bydrae op die vakkundige gebied is hy in 1946 die Havengaprys vir Ekonomie van die Suid-Afrikaanse Akademie toegeken.

In 1951 het hy op uitnodiging van die Nederlandse regering 'n reeks lesings in Holland oor die Suid-Afrikaanse ekonomie gegee, en die reis met voordragte in België afgesluit. Sy oorsese besoeke sluit ook in 'n kort studiereis in die V.S.A. met 'n Carnegie-beurs, bywoning van 'n internasionale kongres in München oor die Opinie-opname-metode van ekonomiese prognose, waar hy ook 'n referaat gelewer het, en 'n studie van die nasionaalsosialisme in Duitsland gedurende die dertigerjare.

Van prof. Schumann se dienste is etlike kere op Regeringskommissies gebruik gemaak en op die oomblik is hy voorsitter van die Kommissie insake Finansiële Verhoudings tussen die Sentrale Regering en die Provinsies. Hy is daarbenewens lid van die Ekonomiese Adviesraad van die Eerste Minister. Hy is verder voorsitter van Die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika waarvan hy jarelank ook reeds een van die vise-presidente is.

Prof. Schumann het as bedryfsekonoom nie alleen die beweging tot grotere ekonomiese ontwikkeling onder Afrikaanssprekendes belewe nie, maar ook aktief meegedoen aan die pogings om grotere deelname van Afrikaners in die ondernemersfunksie te bevorder. Hy is medestigter van die Federale Groep van maatskappye wat in 1940 tot stand gekom het. Sedertdien het hy in toenemende mate tot direksies van maatskappye toegetree en is op die oomblik direkteur van tien sake-ondernemings. Daarby is hy ook direksielid van die hoogste gesag in ons monetêre stelsel, die Reserwebank van Suid-Afrika.

Hy is dus een van die weiniges wat in 'n hoë mate die akademiese met die praktiese kon kombineer. Ook sy daaglikse lewe getuig van 'n balans tussen die bevordering van die materiële en die belangstelling vir die ideële eweas die estetiese.

Vir sy studente bly hy, op vakkundige gebied, onherroeplik geassosiëer met die konjunktuurverskynsel en die daarmee gepaardgaande kurwes.

J. L. Sadie.

Nuwe Aanstellings

FRED ENGELEN. — Die Raad van die Universiteit het besluit om in sy bestaande Departement van Spraak, Voordrag en Toneel 'n hoogleraar van drama en toneel aan te stel. Hierdie pos is aangebied aan die Vlaams-Belgiese toneeldosent en regisseur Fred Engelen, wat in September vanjaar die spelleiding van Bernard Shaw se „Saint Joan", in Afrikaans vertaal deur W. E. G. Louw, vir die Universiteit behartig het.

Fred Engelen is in 1912 te Antwerpen gebore. Na volledige humaniorastudie te Antwerpen en Namen, en hoëre studie aan die Koninklike Militêre Skool te Brussel, het hy toneelkuns bestudeer aan die Konserwatorium



Mnr. Fred Engelen

te Brugge en die Koninklike Konserwatorium te Antwerpen, waar hy in 1937 sy diploma met die grootste onderskeiding behaal het.

Daarna was hy agtereenvolgens regie-assistent van die direkteur-regisseurs Charles Gildenhuys uit Holland en Joris Diels uit Antwerpen; later van prof. Carl Niessen uit Keulen en van dr. Gunther Stark uit Wupperthal. In die teaterwetenskap wás hy en ís hy, volgens sy beskouing, vandag nog 'n leerling van die groot Suid-Nederlandse skrywer Herman Teirlinck.

Ná studiereise na die toneelskole van Parys, Londen, Amsterdam, Hamburg, Düsseldorf, Keulen en Wenen, het hy leier geword van die Nasionale Toneel van België, regisseur aan die Koninklike Nederlandse Skouburg van Antwerpen, stigter en eerste direkteur van die

Jeugteater van Antwerpen, en direkteur en leier van die Studio van die Nasionale Toneel, die hoëre akademie vir dramatiese kuns in België.

Sedert 1956 is hy ook Realisator, dit wil sê artistieke en tegniese leier, van die Vlaamse Televisie.

Sy teaterrondreise deur Suid-Afrika (en ook die Kongo) het hom sterk onder die indruk gebring van die enorme talentreserwes wat hier braak lê, nie alleen onder die twee blanke bevolkingsgroepe nie, maar ook onder die Kleurlinge en Naturelle. As al die kragte van die Nasionale Toneelorganisasie in sy regionale ontwikkeling, die kragte ook van die Universiteite, die Departemente van Onderwys, die professionele en amateurtoneelgroepe, ens. kan saamgesnoer word, kan dit die begin wees van 'n werklike bloeiende nasionale toneel in Suid-Afrika. Die opvoering van Bernard Shaw se „Saint Joan" („Johanna, Soldaat van God", soos die vertaling van W. E. G. Louw betiteld is) in die Bellvillese Skouburg op 21 tot 28 September deur die Universiteit van Stellenbosch onder die beskerming van die N.T.O., het as proefneming in daardie rigting uitnemend geslaag. Dit was ook die eerste optrede van mnr. Engelen se vrou, die bekende Vlaamse aktrise Tine Balder, in 'n Afrikaanse opvoering, waarin sy die belangrike titelrol voortreflik vertolk het.

* * *

MNR. ARNOLD VAN WYK is met ingang 1 Januarie 1961 aangestel as lektor in Musiek (Klavier) aan die Konserwatorium vir Musiek. Hy was van 1949 tot 1959 dosent aan die Universiteit van Kaapstad, en vir twee jaar lank hulpdosent by die „Royal Academy" in Londen.

Mnr. Van Wyk is een van die mees vooraanstaande Afrikaanse komponiste. Verskeie belangrike toekennings is reeds aan hom gemaak, byvoorbeeld dié van die „Performing Rights Society" wat hom in staat gestel het om verder te studeer in die buiteland. Verder het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n erepenning aan hom toegeken vir sy bydrae as Afrikaanse Komponis.

* * *

MNR. P. DE GROOTE is met ingang 1 Januarie 1961 aangestel as lektor in Musiek (Viool) aan die Konservatorium vir Musiek. Mnr. De Groote het reeds vir 30 jaar in eersteklas simfonie-orkeste in België en plaaslik opgetree. Verder was hy kwartetleier vir 25 jaar, dosent aan die Universiteit van die Witwatersrand vanaf 1950 en hulpdirigent van die Johannesburg-Stadsorkes.

Die Departement Landbou-Tegniese Dienste het die onderstaande aanstellings in die Fakulteit van Landbou van die Universiteit goedgekeur:

DR. D. K. STRYDOM as senior lektor in Pomologie;

MNR. J. G. V. JOUBERT as senior lektor in Akkerbou/Weiding;

MNR. J. H. GILIOMEE as lektor in Insektekunde.

* * *

MEV. S. GILLHAM is aangestel as lektrise in Engels (Afdeling Spesiale Engels) met ingang 1 Januarie 1961;

MNR. P. J. JOUBERT as lektor in Soölogie met ingang 1 Januarie 1961;

MNR. H. P. MULLER, junior lektor in Bedryfsielkunde, is bevorder tot lektor met ingang 1 Januarie 1961.

MNR. B. J. LE ROUX van Johannesburg het op 1 Oktober diens aanvaar as klerk in die rekeningafdeling van die Universiteitskantoor.

Grootse Toneelbelewenis

DIE Afrikaanse verwerking van *Saint Joan* (George Bernard Shaw) deur W. E. G. Louw is vanaf 21 tot 28 September met treffende welslae in die Bellvillese Burgersentrum opgevoer. Die opvoering is deur die Universiteit van Stellenbosch onder beskerming van die Nasionale Toneelorganisasie onderneem. Die spelleiding is deur Fred Engelen waargeneem, terwyl sy eggenote, Tine Balder, die titelrol vertolk het. Die groot aantal ander spelers was ervare amateurs en studente. Die belangstelling was so groot dat reëlings getref moes word om twee addisionele opvoerings in die Kaapstadse Kleinteater moontlik te maak.

GRADEDAGPLEGTIGHEDE

WEENS die steeds groeiende getal studente aan wie jaarliks grade toegeken word, het die Universiteitsraad besluit dat daar in die toekoms twee gradedagplegtighede in Desember gehou sal word. Die eerste plegtigheid sal vanjaar op Donderdag, 8 Desember, om 4 nm. en die tweede een op Vrydag, 9 Desember om 10 vm. in die Stellenbosse Stadsaal plaasvind. Die ere-doktorsgrade en doktorsgrade, sowel as alle grade in die Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Godgeleerdheid en Handel sal op 9 Desember toegeken word en al die orige grade op 8 Desember.

JOHANNA, SOLDAAT VAN GOD

Onder: Tine Balder as IOHANNA en Marius Swart as ROBERT DE BAUDRICOURT.



Onder: Die Hoftoneel.

Geografiese Navorsing in Suidwes-Afrika

DIE Departement van Aardrykskunde van die Universiteit van Stellenbosch het van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing 'n ruim geldelike toekenning ontvang om vir die volgende drie jaar geografiese navorsing in Suidwes-Afrika te doen.

Die navorsingspan bestaan uit vyf persone, waarvan vier in die personeel van die Departement van Aardrykskunde is, terwyl die vyfde 'n senior Duitssprekende student uit Suidwes-Afrika is. Die hoof van die Departement, prof.



Navorsingspan vir Suidwes-Afrika. Voor, v.l.n.r.: Mnr. W. S. Barnard, prof. dr. A. Nel en dr. J. P. Jansen. Agter, v.l.n.r.: Mnre. P. Smit en S. Wagner.

dr. A. Nel, neem self die leiding en sal kartografiese studies van 'n paar stedelike gebiede in Suidwes doen, veral Windhoek, Tsumeb en Keetmanshoop. Hy word bygestaan deur dr. J. P. Jansen wat ondersoek sal doen na tegnieke om die temperature van die streek beter uit te beeld. Mnr. W. S. Barnard sal die mees omvattende deel van die werk doen, t.w. om die streekpatrone van Siudwes vas te stel. Hierdie aspek van die werk sal heelwaarskynlik sowat vier tot vyf jaar duur. Mnr. P. Smit sal ondersoek instel na Walvisbaai as hawe vir Suidwes-Afrika, terwyl mnr. S. Wagner 'n sosiaal-geografiese opname sal maak van die Duitssprekende deel van die bevolking van Suidwes-Afrika. Die navorsing sal reeds in die eersvolgende Desember-vakansie begin.

Nuwe Studierigtings met ingang 1961

OOREENKOMSTIG besluite deur die Senaat en bekragtig deur die Universiteitsraad, word die volgende studierigtings met ingang 1961 aan die Universiteit ingestel:

- 'n Driejarige diplomakursus in Arbeidsterapie. Die eerste twee jaar van die kursus sal op Stellenbosch gevolg word en die derde jaar by die Karl Bremer-Hospitaal op Bellville. Vir toelating tot hierdie kursus moet studente in besit wees van die Matrikulasiesertifikaat of 'n vrystellingsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad.

Die Nasionale Raad vir die Versorging van Kreupeles in Suid-Afrika het besluit om 'n bedrag van £1,000 per jaar vir vyf jaar aan die Universiteit te skenk ter ondersteuning van hierdie kursus.

- 'n B.Sc. - graadkursus met Landbou-ingenieurswese as hoofrigting.
- Hons.-B.Sc.-graadkursusse in Erflikheidsleer, Soölogie en Toegepaste Wiskunde.
- 'n Binne- en buitemuurse B.Comm.-graadkursus met hoofrigting Vervoerwese.

Oor Beurse en Stipendia

NUWE SANG- EN MUSIEKBEURSE

DIE Universiteit van Stellenbosch het, ter erkenning van die belangrike kultuurwerk wat die F.A.K. doen, twee beurse aan die Konservatorium vir Musiek ingestel, wat bekend sal staan as die F.A.K.-beurse. Die waarde van die beurse sal gelykstaan aan inwoningsgeld in 'n Universiteitskoshuis, plus klasgelde vir die betrokke studente. Die F.A.K. sal jaarliks kandidate vir hierdie beurse aan die Universiteit voordra. Die betrokke beurshouers sal kursusse in Musiek en/of Sang aan die Konservatorium vir Musiek neem.

Volgens mededeling van die F.A.K. sal by die oorweging van die aansoeke om hierdie beurse, as alles anders gelyk is, voorkeur gegee word aan kandidate wie se huistaal Afrikaans is, en wat bewys kan lewer van aktiewe belangstelling in Afrikaanse kulturele bedrywighede.

Die instelling van hierdie beurse is een van die belangrike uitvloeisels van die F.A.K.-Musiekkongres wat aan die einde van 1957 op Stellenbosch gehou is.

KONINGIN VICTORIA-STIPENDIUM

Mnr. J. de V. Lochner, M.Sc.student aan die Universiteit van Stellenbosch, het die Koningin Victoria-stipendium van £300 per jaar vir twee jaar, aanvaar. Mnr. Lochner sal die stipen-

Groepfoto by geleentheid van die oorhandiging vroeër vanjaar van beurse deur die Direksie van die *Allied*-Bouvereniging aan die Universiteite van *Stellenbosch* en van *Kaapstad*.



Sittende v.l.n.r.: Mnre. H. Coward, W. Rousseau, A. T. B. Templeman, M. T. Thesen, prof. J. P. Duminy (Rektor van die Universiteit Kaapstad), mnr. E. R. Keegan (voorsitter), prof. H. B. Thom (Rektor van die Universiteit van Stellenbosch), mnre. R. Stubbs, A. K. Wilkins, C. Mouat, A. Cowan en R. G. Hall. Staande, links, mnr. V. van Geems; regs, mnr. T. Martin.

dium gebruik vir navorsing en studie met die oog op die verkryging van die doktorsgraad in die Fisiologie.

DIE SUID-AFRIKAANS-DUITSE BEURSRUILPLAN

Mnr. Reino Ottermann, M.Mus. student aan die Konservatorium vir Musiek, het na Frankfort, Duitsland, vertrek om met 'n beurs van die Suid-Afrikaans-Duitse Beursruilplan verder in die Musiek te studeer. Mnr. Ottermann, het die B.A.- en B.Mus.-grade met onderskeiding aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

FONDS VIR NAGRAADSE STUDIE VAN WEIVELD

Die Calvinia-Boere-unie het 'n bedrag van £300 per jaar vir twee jaar aan die Universiteit geskenk met die versoek dat dit tot beskikking gestel word van 'n student wat nagraadse studie van weiveld wil doen. Die Fonds is aan mnr. J. J. A. L. Vlok, student in die finale jaar vir die graad B.Sc. in Landbou, toegeken.

Nuus oor Koshuise

INWONENDE HOOF VAN NUWE MANSKOSHUIS

Dr. F. C. Fensham, senior lektor in Semitiese Tale, is met ingang 1 Januarie 1961 aangestel as inwonende hoof van die nuwe manskoshuis wat bokant Simonsberg-koshuis in aanbou is. Die koshuis sal *Eendrag* heet en sal 270 manstudente huisves. By die her-opening van die Universiteit in 1961 sal hierdie koshuis reeds dié stadium van voltooiing bereik hê dat 165 studente hul intrek sal kan neem. Mnr. Gideon Boshoff, voorsitter van die Studenteraad, is

tot eerse primarius benoem.

GEMEENSKAPSAAL BY HELDERBERG-MANSKOSHUIS

Daar sal binnekort 'n gemeenskapsaal vir Helderberg-koshuis aangebou word. Die planne vir die gebou is reeds opgestel en word tans oorweeg. Die studente van die koshuis het besluit om self ook 'n bydrae tot die oprigting van hulle saal te lewer, en het onlangs 'n bedrag van £500 aan die Rektor, prof. H. B. Thom, vir dié doel oorhandig.

UITBREIDING VAN HUIS-TEN-BOSCH

Die dameskoshuis Huis-ten-Bosch word tans vergroot ten einde voorsiening te maak vir bykomende huisvesting vir ongeveer 70 damestudente. Verder sal die eetkamer en die kombuis so ingerig word dat van 'n kafeteria-stelsel gebruik gemaak kan word.

Sangfeesdirigente Vereer

BY geleentheid van die finale Sangfees-aand van 1960 op 10 September het prof. dr. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit, 'n buitengewone oorkonde namens die F.A.K. aan prof. G. G. Cillié oorhandig ter erkenning van sy groot werk in verband met die kerksang meer bepaald die uitgee van die F.A.K.-Kerkoorboek in 1958.

By dieselfde geleentheid het die Rektor die lankspeelplaat, „Vrolike Volksliedjies", aan mnr. Philip McLachlan, dirigent van die Stellenbosse Universiteitskoor, oorhandig. Die plaat is deur hierdie koor, onder leiding van mnr. McLachlan, gemaak. Die Rektor het met waardering gewag gemaak van die bydrae van hierdie koor en dirigent tot die verryking van die Suid-Afrikaanse kultuurlewe.

Maties in Groen-en-goud, 1960

DIE volgende oud- en huidige Maties het vanjaar Springbokkleure op die rugbyveld verwerf:

P. du Toit, P. van Zyl, H. Botha, A. Malan, J. Engelbrecht, G Malan, F. Roux en A. Baard.

Met die keuse van Avril Malan tot kaptein van die 1960-61-toerspan na die Britse eilande, word hy die vyfde Matie-Springbokkaptein.

Hier volg die lys:

1906 — Paul Roos.
1921 — Theo Pienaar.
1924 — P. K. Albertyn.
1938 — Danie Craven.
1960 — Avril Malan.

Oud-Matie-eerstespanspeler en -Springbok Ferdinand Bergh (B.Sc. 1927), tans direkteur van maatskappye en boer van Boksburg, Tvl., is bestuurder van die toerspan na Brittanje.

SUID-AFRIKAANSE STEENKOOL-, OLIE- EN GASKORPORASIE, BEPERK

VAKATURES VIR GEGRADUEERDES

As gevolg van uitbreiding in die omvang van ons tegniese bedrywighede, wil Sasol graag betrekkings aanbied aan 'n aantal gegradueerdes in die volgende kursusse:

Chemiese Ingenieurswese
Werktuigkundige Ingenieurswese
Elektrotegniese Ingenieurswese
Skeikundiges ***(Behalwe B.Sc - gegradueerdes, stel ons navorsingsafdeling besonder belang in persone met minstens 'n B.Sc. (Hons.) kwalifikasie.)***

Poste is beskikbaar vir jong manne wat aan die einde van hierdie jaar sal gradueer asook vir persone wat reeds praktiese ervaring opgedoen het.

Diensvoorwaardes sluit onder andere in ruim verlofvoorregte, 'n vokonsiebonus, pensioen- en mediese voordele. Die persone wat ons aanstel, sal die geleentheid hê om deur middel von hul werk in die fabriek, 'n grondige praktiese kennis en wye ondervinding op te doen. Tesame hiermee kan 'n verdere teoretiese agtergrond opgebou word deur gebruik te maak van die opleidingskursusse wat ons onderneming plaaslik aanbied.

Die Tegnologiese Instituut van Sasolburg onderneem die opleiding en afneem van eksomens in kursusse soos:

Die Goewermentsertifikaat von Bevoegdheid;
„Associate Member of the Institute of Chemical Engineers";
Brandstoftegnologie, ens.

Werknemers het dus 'n besondere geleentheid om hul deeglik te bekwaam en toe te rus vir bevordering na hoër posisie.

Ons goed toegeruste ontsponningsklub bied fasiliteite aan vir deelname in bykans olle sportsoorte en ontspanning.

Ons ontvang graag aansoeke of navrae op hierdie vroee stadium sodat volledige besonderhede betyds verstrek kon word. Die persoon wat in sy werk belang stel en bereid is om hard te werk, sal geen wyer veld vir ondervinding en vooruitgang vind as in die steeds groeiende Sasol-organisasie nie

Rig u skrywe, met besonderhede von u loopboon tot dusver, aan die

Bestuurder, Personeeldepartement, Sasol,

Posbus 1, SASOLBURG, O.V.S.



Op Saterdag, 3 September vanjaar is die 40-tal lede van die „Wetenskaplike Raad vir Afrika suid van die Sahara" deur die Rektor van die Universiteit en mev. Thom op 'n noenmaal onthaal. Op die foto wat by die geleentheid geneem is, verskyn v.l.n.r.: Ds. J. S. Gericke (Vise-Kanselier); dr. S. M. Naudé (Voorsitter van die W.N.N.R.), prof dr. H B. Thom (Rektor), dr. P. J. du Toit (Voorsitter van die Wetenskaplike Raad vir Afrika), prof. J. Millot (Onder-voorsitter van die Raad) en mnr. C. Cheysson (Sekretaris-generaal).

„OOM VAN" KOM DIE HELE ENT PAD SAAM

Mnr. W. J. van der Westhuizen.

SO pas het MNR. W. J. VAN DER WEST-HUIZEN, klerk aan die Universiteitskantoor vanaf 1918, toe die Victoria Kollege 'n volwaardige universiteit geword het, afgetree. Hy was dus een van die enkelinge wat met sy voltooiing van 42 jaar diens die voorreg beskore was om die hele ent pad saam met die ontwikkelende Universiteit te kom.

Oor die pad wat agterlê het „Oom Van" veel om mee te deel. Hy het teen £10 per maand in die administrasiegebou saam met 'n personeel van drie begin werk. Daar was 558 studente in die stigtingsjaar.

„Oom Van" bestempel die groei van die Universiteit sedert daardie dae as fenomenaal. Hy is trots op sy Universiteit en droom mooi drome vir die toekoms.

Die Akademiese Jaardag van die Fakulteit van Geneeskunde

deur
Prof. A. J. Brink

Die Karl Bremer-Hospitaal is op 1 Julie 1956 geopen en benewens die feit dat dit 'n groot nuwe hospitaal sou wees vir die bevolking, veral van die omliggende noordelike stadsgebiede, sou dit ook vir 'n onbepaalde aantal jare dien as die opleidingsentrum vir die nuwe Geneeskundige Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch. Die hospitaal sou ook noodwendig 'n belangrike verwysingsinrigting word vir pasiënte vanuit die Kaapse platteland.

Professionele personeel moes uit verskeie oorde kom om hierdie funksies uit te bou en die inrigting te ontwikkel. Daar was soveel ywer en entoesiasme aan die dag gelê dat dit geen wonder is dat die inrigting spoedig die kenmerke gedra het van 'n lewenslustige, gesonde pasgeborene nie. Toe daar derhalwe by 'n gewone personeelbyeenkoms voorgestel is dat daar elke jaar een dag opsy gesit moet word waarop die verjaarsdag van die skool en hospitaal gevier kon word, het dit onmiddellik byval gevind deur almal teenwoordig en is daar 'n komitee gekies om die eerste Akademiese Jaardag te reël.

Die vorm wat die dag sou aanneem moes uiting gee aan die professionele werksaamhede van die fakulteit en hospitaal en moes ook geleentheid bied vir onderlinge kontak tussen geneeshere uit die verskeie afdelings en departemente, en ook moes daar die moontlikheid wees om verteenwoordigers van die groot farmaseutiese maatskappye te ontmoet. Daar moes ook geleentheid wees vir sosiale verkeer.

Die doelstellings wat deur die eerste en daaropvolgende reëlingskomitees nagestreef sou word, kan soos volg saamgevat word:

1. Daar sou geleentheid wees om mededelings te doen in verband met navorsingswerk en besondere ervaring.
2. Daar sou kennis geneem word van die werksaamhede in verskillende departemente om op dié wyse afsondering te voorkom.
3. Daar sou gesonde akademiese mededinging wees tussen afdelings en indiwidue en dit sou dien as 'n stimulus vir verdere navorsingsaktiwiteite.
4. Die ervaring met die verwerk, opstel en voordrag van wetenskaplike werk sou die personeel tot groot voordeel strek.
5. Die voorbereidings wat hierdie dag voorafgaan, sou nie alleen 'n aansporing wees vir die professionele personeel nie, maar moes noodwendig ook die tegnoloë, fotograwe en andere prikkel om hulle beste vaardigheid aan die dag te lê en die kwaliteit van hulle werk ook so te verbeter.
6. Daar sou die geleentheid wees vir die personeel om hulle werk ook bekend te stel aan kollegas van ander oorde deur hul op hierdie dag uit te nooi tot die verrigtinge en sodoende nuwe kennisse en kontakte te maak.
7. Die behoefte om verteenwoordigers van farmaseutiese maatskappye, asook van firmas wat instrumente en apparaat voorsien, te ontmoet, sou ook bevredig word, nie alleen deur samesprekings nie, maar ook by wyse van uitstallings van preparate en instrumente.

In sy geheel sou die akademiese verrigtings van so 'n dag dan kragtig bydra om die kwaliteit van eie werk, die tegniese vaardigheid van die personeel en die oordra van gedagtes te verbeter en te stimuleer.

Dit was ook die algemene mening dat daarby ook nog 'n sosiale funksie gereël moes word, waar die geneeshere en hulle eggenotes gesellig byeen sou kon kom.

Die patroon van die organisasie van hierdie dag het dan op die volgende neergekom:

(a) Die reëling van wetenskaplike voordragte en referate. Elke referaat word vooraf deur die komitee ontvang en oorweeg. Daar word nie meer as twintig minute afgestaan vir die lees of lewering hiervan nie.
(b) Wetenskaplike en farmaseutiese uitstallings.
(c) 'n Dinee met of sonder 'n dans.

Die verrigtinge moes nie enigsins minder-



By die dinee na afloop van die Akademiese Jaardag: Voor, v.l.n.r.: Dr. J. H. Cairns (Superintendent van die voorgestelde nuwe opleidingshospitaal by Parow), Sy Edele J. N. Malan (Administrateur van Kaapland), prof. dr. F. D. du T. van Zijl (Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde) en Sy Edele P. O. Sauer (Minister van Lande, Bosbou en Openbare Werke). Agter, v.l.n.r.: Proff. A. J. Brink, H. W. Weber, J. N. de Villiers, dr. R. L. M. Kotzé (Mediese Superintendent van die Karl Bremer-Hospitaal) en prof. S. J. Pretorius (Registrateur van die Universiteit van Stellenbosch).

waardig voorkom nie en die lokaal daarvoor is dan ook so gekies dat dit gerief sou verseker en ook genoeg ruimte sou bied vir al die verrigtinge. Die Burgersentrum van Bellville het hiervoor uitstekend aan die doel beantwoord. Die teater word gebruik vir die referate en is dan toegerus met projeksiefasiliteite vir die vertoning van sowel skyfies as rolprente. Die farmaseutiese uitstallings word in die aangrensende groot saal gereël en die wetenskaplike uitstallings in die lokaal wat juis vir uitstallings beplan is. Dan word daar gebruik gemaak van die bykomstige lokale en kombuis vir die bediening van tee en 'n middagmaal.

Die fondse vir hierdie dag is afkomstig van skenkings hoofsaaklik deur die farmaseutiese maatskappye maar ook in ruime mate deur die Hospitaalraad en die Universiteit. Daar word ook nog van jaar tot jaar van ander liggame finansiële gewaardeerde ondersteuning ontvang. Vir die sosiale funksie word toegangsgelde gevra en daar word 'n nominale bedrag van 5/- per persoon gehef vir die bediening van verversings gedurende die dag se verrigtinge.

Die verskaffing en bediening van verversings word deur die vroue van die personeel en die V.L.V. voorsien. Die bediening is puik.

Die restant van die fondse, nadat kostes verbonde aan die Akademiese Jaardag gedek is, word gestort in 'n navorsingsfonds wat opgebou word vir latere gebruik.

'n Beoordelingskomitee word aangewys om beslissing te gee oor die beste referate en uitstallings wat dan bekroon word. Die eerste prys vir referate is die F. D. du T. van Zijlmedalje. Die tweede is 'n geldprys terwyl 'n prys ook vir die beste uitstalling toegeken word.

Die eerste funksie is gehou in Oktober 1957 en tot dusver is reeds vier Akademiese Jaardae gehou. Reeds moes die jaardag uitgebrei word na twee dae en daar is alle aanduidings dat die dag steeds meer geslaagd ontwikkel en dat selfs die stoutste verwagtings oortref word. Alle afdelings — akademies, farmaseuties en sosiaal — word steeds doeltreffender versorg.

Dit is veral verblydend dat daar duidelik 'n kragtige stimulus vanuit hierdie dag vir navorsingswerk gaan en dat die kwaliteit van voordrag en taalgebruik treffend verbeter het.

Hoewel 'n mens nooit 'n onderneming so goed kan beskou dat daarop nie verbeter kan word nie, voel ons nogtans tevrede met die dag en met die vordering wat gemaak word. Elke nuwe komitee bring nuwe gedagtes en verbeterings, ons navorsingsfonds groei mooi aan en ons voel dat die samebindende invloed van hierdie dag beswaarlik oorskat kan word.

Hierdie onderneming is uniek in ons land en waarskynlik ook in die meeste ander lande. Dit behoort in die toekoms ook te dien om aan ons geneeskundige skool en ons hospitaal 'n karakter en kenmerk van sy eie te gee.

Unieke Koshuisrugby op Vrydagmiddae

deur

Prof. D. H. Craven

TOE ons in 1949 'n tweedespan-wedstryd moes kanselleer omdat ons nie 'n span op die veld kon stoot nie, het ons so 'n groot skande oorgekom dat ons daar en dan besluit het om iets radikaal te doen. Ons het besef dat ons meer van ons unieke koshuisstelsel kon maak en het toe die interkoshuisrugbyliga ingestel vir alle spelers onder die sesde span. So geesdriftig was die spelers hieroor dat die Universiteitsklub self gely het en ons moes noodgedwonge die skema tydelik afskaf.

Na 'n seisoen verstreke was, het ons toe die regte oplossing gekry: elke koshuis se eerstespan verteenwoordig die klub in die Westelike Provinsie-kompetisies en die tweede spanne van die koshuise tree tot die interkoshuiskompetisie toe. Dit is naastenby nog steeds die basis van die skema vandag. Maar die aantal spanne het so geweldig toegeneem dat die skema ietwat gewysig moes word, sodat koshuise vandag aan 'n eerste-, tweede- en selfs derdespankompetisie kan deelneem. So, byvoorbeeld, speel hulle tweedespanne in die Sauer-liga, die derde vir die Dönges-trofee en dan is daar nog die vierde of Tiekie-liga.

Die Kweekskool het nou ook tot ons ligas toegetree en dit is voorwaar 'n baie goeie ding, want daar was 'n tyd toe feitlik geen Tokkelok meer rugby gespeel het nie. Ook ons mediese Studente wat in Bellville woon, het 'n span in die kompetisie ingeskryf, sodat ons velde reeds te min is vir al ons spanne en, selfs met die hulp van die Paul Roos-Gimnasium, nog te min bly. Vanjaar het nege spanne dus aan die kompetisie deelgeneem, t.w. die ses koshuise, P.S.O., die Kweekskool en die Mediese Studente. Die twee sterkste eerstespanne van ons koshuise, te wete Simonsberg en P.S.O., verteenwoordig ons klub in die Res C-kompetisie van die Westelike Provinsie waar P.S.O. dan ook die kompetisie gewen het.

Die koshuise se eerste spanne speel Saterdae en wel as 'n seksie van die Res D-liga van die Westelike Provinsie. Die wenners speel dan die eindronde teen die wenners van die Kaapse seksies. Vanjaar deel Ikeys en ons (Helderberg) die beker. Die tweede- en derdespanne van die koshuise speel Vrydagmiddae op al wat veld en oop stuk grond is, en die wenners van die tweedespan speel teen die wenners van die Kaapse seksies in die finale wedstryd. Vanjaar het Simonsberg dit gewen.

Vir hierdie koshuisskema moes ons 'n geweldige organisasie in die lewe roep, aangesien elke koshuis sy eie bestuur, sy eie afrigter, ens., het. Vir die wedstryde benodig ons skeids-

COETZENBURG, VRYDAGMIDDAG, 5 nm.

Koshuisrugby: Simonsberg teen Huis Marais.

regters en ons moes toe ons eie skeidsregtersvereniging in die lewe roep. Elke koshuis speel in sy eie kleure en dit maak 'n wonderlike vertoning op ons velde. Voeg daarby die vanselfsprekende feit dat elke koshuis se ondersteuners om die velde saamdrom en, soos gesê word, hulle spanne „dra" deur hulle oor die lyn te skreeu, en die leser sal wel verstaan dat die Pieke daarvan dawer. 'n Mens gaan dan maar liewer Vrydagmiddae op die wal tussen die A- en ander velde staan om jou kop te kan draai na die rigting vanwaar die grootste lawaai kom! Voor jou is rooi en blou truie; agter jou wittes, swartes, geles, donkerbloues en ligbloues en oral beweeg die toeskouers op en af saam met die spel. Op die truie pryk die koshuise se eie wapens en dit is die trots van elke speler om so 'n trui te dra. En glo my, as hy die trui dra, doen hy dinge wat sommige Springbokke nie kan regkry nie.

By hierdie wedstryde word talent gesoek, want dr. Hennie Louw is die voorsitter van wat ons die *Spenskomitee* noem. Dit is die komitee wat die Vyfdespan uit die beste van die koshuise moet kies. Op hierdie komitee het elke koshuis 'n verteenwoordiger. Omdat die neiging soms baie sterk by verteenwoordigers is om hulle spelers weg te steek, het hierdie komitee die naam van die spenskomitee gekry — die beste spelers word gebêre of weggesteek. Maar die Vyfdespan het hulle kompetisie gewen! Die spens moes tog soms oopgestaan het!

Feit is dat ons nooit nodig het om enige wedstryd te kanselleer nie, want as 'n eerstespan-speler nie kan speel nie, vind die verskuiwings gou plaas en raak dit die heel onderste span van 'n koshuis. Dink daaraan dat ons klub so iets soos 45 spanne in die veld stoot en dat plus-minus 740 studente gedurende 1960 aan rugby deelgeneem het. 'n Ander heilsame gevolg is dat minder talent verlore gaan: ons het vandag spelers in die eerstespan wat met moeite uit hul koshuisspanne kon kom, terwyl ons tweede-, derde- en vierdespanne vol eertydse koshuisspelers is. G'n wonder dat ons klub vanjaar tien bekers huis-toe gebring het nie!

My wenk aan almal wat iets uniek wil aanskou, is: kom na Stellenbosch, na Coetzenburg, op 'n Vrydagmiddag om 5-uur en kom belewe self koshuisrugby, studente-geesdrif, span- en toeskouergees wat 'n lus vir die oog en 'n louter genot vir die oor is.

85

Vir kwaliteit en waarde

Westminster 85

OUD-MATIES met LL.B. — GRADE

NUWE DAS NOU BESKIKBAAR

MAROON AGTERGROND — SKAALMOTIEF IN GOUD
EGTE SY

PRYS 25/- plus 1/6 k.b.a. koste

RIG BESTELLING AAN (NOEM GRAAD EN JAAR):

PIKKIE BLOMMAERT

Mansuitruster

PLEINSTRAAT 61, STELLENBOSCH

Goedgekeurde handelaar in universiteitsbaadjies, -dasse, -wapens ens.

Só

Onthou

Ek Matieland ....



* * *

Dr. Wm. Nicol (B.A., 1906, D.Phil. honoris causa 1945), voormalige Administrateur van Transvaal, vertel van die „ou studente" van sy dag.

WAG! Nie so haastig met jou blou potlood nie, mnr. die Redakteur — ek bedoel ou studente, studente wat oud in jare was, en nie studente wat Matieland verlaat het nie. Die eerste dekade van hierdie eeu was op Stellenbosch gekenmerk deur die teenwoordigheid van 'n groot aantal „ou studente".

Die Tweede Vryheidsoorlog het in die middel van 1902 geëindig. Dit het etlike maande geduur voordat krygsgevangenes van Ceylon, Indië, Bermuda, St. Helena en ander plekke gerepatrieer kon word. Enkele van die terugkeerdes het reeds in Januarie 1903 na Stellenbosch gekom maar in Januarie 1904 was dit sommer 'n stroom. Wie was die manne?



Dr. Wm. Nicol

Sommige was manne wat reeds vóór die oorlog 'n paar jaar op Stellenbosch deurgebring het en drie jaar se studie opgeoffer het om vir die republieke te gaan veg. Onder hulle was 'n paar teologiese studente, Schalkie van Niekerk, later van Melville, Johannesburg, Charlie Mynhardt, vader van Siegfried en Kotie Retief van die Njassa-Sending.

Betreklik ouer en talryker was die groep wat voor die oorlog êrens in die republieke skoolgegaan het en weer by die hoërskool moes aansluit nadat hulle reeds baie vergeet het. 'n Nog groter groep het bestaan uit manne wat reeds voor die oorlog die skool verlaat het, maar as krygsgevangenes onder oortuiging gekom het dat hulle verder moes studeer vir onderwysers, predikante of sendelinge.

Onder my maats op Wilgenhof was Louis Fourie, wat so lief was vir sing. Hy het uit Ceylon teruggekeer en tussen 1904 en 1910 hom as predikant laat oplei. Toe ons in 1911 saam op Princeton in die V.S.A. studeer, het hy met verontwaardiging 'n uitnodiging van die hand gewys om by die „Empire Club" aan te sluit!

Ons jongeres het die oudstryders om drie redes aangehang: Ten eerste kon hulle so onderhoudend vertel van die oorlog. Jammer dat niemand gedink het om hulle dit te laat opskryf nie. Wat sou die weekblaaie vandag wil betaal vir Anton du Preez se verhaal van die Tommy wat hom skielik bespring het toe hy

half aan die slaap op wag staan? Na 'n kwartier se worsteling sonder wapens ontdek hy 'n mes in die Tommy se kamas en beëindig hy die stoeigeveg daarmee. In die namiddag was dit gebruiklik om te gaan stap net voor aandete en die oudstryders was altyd baie gewild as geselskap, veral die paar wat gewillig was om te praat. Onder hulle was Piet van der Hoven. Hy was adjudant vir genl. Chris Muller omdat hy nog te jonk was om 'n geweer te dra, maar dit het hom nie belet om snags as spioen tussen die Tommies in te sluip om informasie vir die generaal in te win nie. Toe ek veertig jaar later in Transvaal genl. Muller op sy sterfbed besoek, het hy my weer vertel hoe dapper Piet was.

Die tweede rede waarom ons hulle opgesoek het was omdat hulle ons oë laat oopgaan het vir die betekenis van die Afrikanervolk. Dis begryplik dat hulle almal sterk gevoel het. Ons Kapenaars het grootgeword in die Viktoriaanse tradisie en nóg die Jameson-inval nóg die oorlog het ons geheel daarvan gespeen. Dit was die persoonlike aanraking met manne soos Josua Naudé, later predikant op Graaff-Reinet, wat ons laat besef het dat ons Afrikaners is, al het al ons professore aan ander groepe behoort.

Ten derde het ons uit daardie maats se vriendskap voordeel getrek omdat hulle deur die bank mense van diep godsdienstige oortuiging was. 'n Man van 25 kom nie in std. VIII sit tensy hy seker is die Here wil dit hê nie. My klasmaat, Johannes Pauw, was onderwyser en diaken, maar het weer in sy armoede kom studeer omdat hy moes. Gerrie van Rooyen, ook 'n klasmaat, later van Durban, het geboer en het nie na sy lekker plaas in Ladybrand teruggekeer nie omdat hy oortuig was van 'n nuwe roeping. En dan was daar Piet Shaw en so baie ander. Almal reeds heengegaan. Ek groet julle, my ou maats!

Mnr. W. A. de Klerk (B.A.-LL.B. 1937) van „Saffier", Klein-Drakenstein vertel van sy dae.

OM genooi te word om herinneringe uit jou studentedae op te teken, kan maklik gesien word as 'n bewys dat jy reeds meer kruise agter die rug het as wat jy aldag besef.

Sy dit dan die geval, bly daar seker net maar oor om dit in alle nugterheid te aanvaar. Die ongemak hiervan kan dalk versag word as jy jou daaraan herinner dat tyd wel perspektief verleen. Hoe geyk dit ook al mag wees, dit bly nogtans waar.

Dis seker ook 'n vry algemene ervaring dat jy na verloop van 'n twintig jaar of meer in stille verwondering sal terugkyk op die matelose selfvertroue waarmee jy jouself indertyd as student, en veral as Stellenbosse student, gadegeslaan het. Inderdaad, soos Picadilly Circus vir die Londenaar, was die ‚Eikestad' — nee, nie die ‚Eikestad' nie, maar wel die universiteit — néé, *ons* wat die studenteliggaam van die universiteit was — die naaf van die heelal. 'n Mens het jou baie maklik in die heerlike, betowerende isolement van Stellenbosch wysgemaak dat die oë van die ganse mensdom op hierdie ou stippeltjie van die planeet gerig is.

Nouja, so 'n sonde was dit nou ook nie. Die kropslaai-dae — om Shakespeare letterlik te vertaal — kom oral voor en is seker ook nodig vir die groeiproses — „the years green in judgement, cold in blood". Die koelbloedigheid was natuurlik van die soort wat net so maklik kon omsit in 'n hittige verset of rasende beeldebrekery — waarvan daar aans ook nog getuig sal word.

Wel, wáár sal 'n mens dan begin by die ophaal van jou studenteverlede?

Om dit volledig te dokumenteer sal waarlik 'n veel groter arbeid as hierdie beknopte skrywe vereis. 'n Mens kan net maar miskien by sommige van jou ou studenteportrette gaan staan — en ietwat na willekeur jou herinneringe dááraan vasknoop.

Dit kos ook nie 'n spesifieke uitnodiging om dit mee te bring nie. Ek doen dit soms sommer in los oomblikke as ek dalk afleiding

Mnr. W. A. de Klerk.

soek, dikwels in die na-nagure, van die harde eise van die studeerkamer.

Miskien omdat dit in sulke omstandighede so dikwels gebeur, kyk ek soms na ou redaksiefoto's van *Die Stellenbosche Student,* staan ek dan miskien bietjie verbaas om die name te vind van 'n hele ou klompie wat reeds waar daar Afrikaans geskryf word besondere aandag op hulle getrek het. Daar is mense soos Gerhard Beukes, Ernst van Heerden, Audrey Blignault, F. A. Venter, Jan Rabie, Dirk Kamfer, en nog andere. Dat van genoemdes 'n toenemende belangrike rol in die Afrikaanse letterkundige lewe gaan speel, is wel seker. Dit sou interessant wees om te verneem hoe ander tydperke van vyf jaar èn in die geskiedenis van U.S. èn in die geskiedenis van ander universiteite hiermee vergelyk.

Maar dit is nie net skrywers wat naam verwerf het wat mens uit die portrette opval nie.

Ek vind ook daar politici, nyweraars, akademici, opvoedkundiges, regsgeleerdes, geestelikes wat reeds op geen onsekere wyse hulle stempel op die samelewing afgedruk het. Met baie andere wie se name ek met ewe veel reg hier noem, vind ek figure soos H. L. Swanepoel, J. C. d Wet, F. E. O'B. Geldenhuys, C. F. B. Naude, Jan Haak, John Vorster, D. G. Franzsen, Hubert Coetzee, Piet Cillié, J. H. Moolman, Theo Pauw, J. L. Badenhorst, J. de Vos, P. L. McLachlan, P. L. la Grange, A. P. Blignault, W. A. Joubert, D. P. de Villiers (twee van nulle — 'n dikke en 'n lange!), A. J. van Velden . . . Dit sou 'n lang lys kan word as ek met groter sorg dit kon opgestel het.

Hier voor my is 'n foto van die kongresgangers by die vierdie jaarlikse saamtrek van lede van die Afrikaans-Nasionale Studentebond, voorloper van vandag se A.S.B. Onder dié daar in Bloemfontein bymekaar in Junie 1936 vind ek mense soos J. T. M. de Jongh van Arkel, J. S. Gericke, Sampie Froneman, Anton Rupert, N. Diederichs — en H. F. Verwoerd.

'n Baie betekenisvolle herinnering aan daardie einste A.N.S.-kongres dring nou na vore. Daar was 'n nag — een van daardie bladstille, sterhelder, rypklare winternagte soos 'n mens dit net maar teen Juniemaand op die binnelandse hoëveld kan tref — toe 'n twaalftal van ons van die Onderwyserskollege in Parkweg te voet 'n bedevaart na die Vrouemonument onderneem het. Die nánag was twee, drie uur oud toe ons daar in 'n halwe kring voor die gedenknaald kom staan het. Een — ek meen dit was J. S. Gericke — het ons in gebed voorgegaan. Dit was ontroerende, betekenisvolle oomblikke. Want die eintlik sinvolle daarvan was die gelofte wat ons op daardie heilige plek aan mekaar en voor ons Skepper afgelê het: dat so ver dit in *ons* vermoë was, ons die toekoms van Suid-Afrika sou help wen. Spesifiek het ons aan die Republiek gedink, dit ook so genoem. En min het ons daar in die blank-stille maanlig bymekaar, met die Naald wat so voor ons na die sterre rys, geweet dat een van die medekongresgangers veral die finale beslag aan die nuwe komende staat sou gee. Ek bedoel natuurlik nou — H. F. Verwoerd. 'n Mens sou op hierdie manier kan voortgaan en veel meer in die toon van hierdie ervaring kan meedeel. Maar in hierdie skrywe sou dit nie moontlik wees nie.

Ek kan nog net die toon en kleur en dofweg miskien die vorm van daardie jare wat met die Tweede Wêreldoorlog tot 'n einde gekom het, hier nog kan aandui.

Dit was nog die tyd voor die dreunende na-oorlogse voorspoed toe driekwart van die studente met lenings aan U.S. kom studeer het. Daar was etlike van my tydgenote wat met £100 per jaar of minder moes rondkom. 'n Swart pak het hulle Saterdagaand na die Terps en Sondagaand na die „Pres" gedra. Motorkarre was omtrent nie bestaande nie.

Jy is as redelik bevoorreg beskou as jy jou eie fiets kon trap. Ek persoonlik was dankbaar om die redaksiefiets (*Die Stellenbosche Student*) tot my beskikking te hê. Ja, daar was wel 'n klein groepie ‚ryk manne' wat die wêreld kort-kort aan die brand gehad het met hulle woeste rondjaery in die jongste modelle. Maar juis die feit dat hulle soveel aandag getrek het (en op meer as een geleentheid streng kortgevat is) het bewys hoe uit die toon hulle geval het.

Opwinding was daar darem ook vir ons andere genoeg, hoor. Dit was mos juis die tyd toe ses stuks die eerste leerling-vlieëniers aan die U.S. geword het. Saam met LL.B. (dit was ook nog die tyd van daardie stoere akademikus, dr. Mortimer Malherbe!) het dit maar swaar gegaan om al die tegniese eksamens en die baie strawwe opleiding as militêre loodse tot 'n suksesvolle einde deur te maak. Ons het Suid-Afrika kruis en dwars ‚bevlie', etlike tien duisende ponde se vliegtuie in die proses verniel of vernietig en met Intervarsity 1938 (of was dit 1937?) 'n gekke formasievlug oor die groot skare op Coetzenburg uitgevoer — sodat die tamaaie norring soos één man verskrik orent gekom het en die tweede spanne hul spel moes staak en die manewales daarbo eers moes aangaap. Die volgende Maan-

dag het *Die Burger* die storie van die yslike skare wat so die skrik op die lyf geja is op sy voorblad gehad — die hoofnuus van die dag.

Ja dit was die tyd van sulke dinge en nog baie meer . . . Het ons as studente dan nie twee maal deur luid op 'n supermonstervergadering te raas die regering tot wysiging van sy optrede of tot optrede self gedwing nie? Daar was die een geleentheid toe daar oormatig baie vlugtelinge uit Oos-Europa in die land gekom het. Ons het geëis dat die regering 'n einde hieraan maak — en 'n skip met ses- sewe honderd mense wat ons (waarskynlik bietjie onnodiglik) as minder geskik vir ons land beskou het, moes maar net so weer omdraai en terugvaar.

Hierdie oormoed is toe daarna weer geëwenaar toe ons geëis het dat die boek *Turning Wheels* van Stuart Cloete in die ban gedoen word. In aanmerking genome hoe welig die Afrikaanse massapers die afgelope twintig jaar opgeskiet het, hoe volkome onskuldig *Turning Wheels* vergelykenderwyse is, staan jy net maar verbaas. Maar verset in die ander rigting was daar ook. Beelde is kort-kort sonder aansiens des persoons gebreek deur *Pro Libertate*, wat geheimsinnig oornag verskyn het en met die dag oral in Stellenbosch te lese was. Met die ‚heiligste' instellings is daar gespot — en gemoedere is oral erg gaande gemaak.

Vandag weet ek maar te goed hoe nodig ook hierdie vorm van verset vir elke lewende studentegemeenskap, nee vir enige soort gemeenskap is.

Dit was die groot dae van die Berg en Toerklub — toe daar nog behoorlik *berg* ook geklim is. Waar is figure soos Johan en Reep Verloren van Themaat, Beyers Naude en Frans Geldenhuys? Hulle het miskien 'n peil gestel wat nie daarna geëwenaar kon word nie.

Dit was die dae van die groot poetse wat gebak is — soos die geleentheid toe skrywer hiervan 'n tamaaie tou verwarde eerstejaars by die plaaslike polisiekantoor oor die naweek veroorsaak het. Dié moes dan kamma hulle ‚registrasiekaarte' sonder verwyl kom toon. Die Maandagaand is die poetsbakker egter self lelik gevang toe hy kamma deur die gereg opgevorder is om verantwoording vir die dwarsboming van sy normale prosesse te kom doen. Bedees is daar gehoor hieraan gegee — net om te ontdek dat dit ook net 'n ou grappie



Elke mens het iets om voor te spaar

SAAMBOU
(PERMANENTE) BOUVERENIGING



Geld groei vanself— vinnig en veilig—by

SAAMBOU
(PERMANENTE) BOUVERENIGING

Op u pad! Danksy 'n gereelde spaarplan

SAAMBOU
(PERMANENTE) BOUVERENIGING
V & R 2477

ter vergelding was. Daarop is die poetsbakker taamlik hardhandig deur 'n briesende sersant van die toneel van sy gesag ook verwyder.

Dit was die dae van die kardoesbroeke; van deftige Engels wat damestudente so graag gebruik het; van ou mnr. ‚Pictures' wat ál U.S. se derduisende foto's geraam het; van monsieur Foreau, Dagbreek se haastige maar onnavolgbare Franse *chef;* van Wilgenhof se huismoeder wat gekla het dat die seuns tog maar die voete van hulle sokkies ook in die was moet gooi; van dr. Mortie wat gesê het dat 'n man wat veertig uur op 'n dag werk maar vir sy part opgehang kan word; van Coetzenburg wat in alle eenvoud deur 'n eerstejaartjie met die Koue Bokkeveld verwar is; van die ontdekking dat daar so 'n groot drukkery aan die walle van die Eersterivier bestaan; van onvergeetlike dr. Verloren van Themaat wat sy klas in die staatsreg verseker het dat „Queen Bess *wass* a faceless (faithless) Queen"; van sensitiewe skryfsters in die *Student* wat dweep met Tagore; van Flip la Grange wat sy onoortreflike *j'accuse* gelewer het in die vorm van *The Stellenbosche Student and his Lack of Culture;* van W. W. B. Havemann wat aan die hoof van 'n selfregerende Dagbreek die sotte van die jaar met 'n dinamiese persoonlikheid soos min oorweldig het; van Mijnheer van Harencarspel, die ‚ewige student' wat gereeld sy filosofies-teologiese lesings voor 'n plaende studentegehoor kom lewer het, altoos in die biblioteek te vinde was, eensaam sy viool gespeel het en homself ten slotte aan 'n balk in sy eie kamer gaan ophang het; van die poëtiese wysheid dat „op Stellenbosch bestaan die jaar uit bok — en bloktyd deurmekaar"; van Shorty van Dyk wat gekla het dat hy in die sensus nie getel is nie „want hulle tel net mense bokant die belt".



Die drie opeenvolgende dirigente van die Universiteitskoor. V.l.n.r.: Mnr. P. McLachlan (huidige dirigent), mnr. W. Morris (eerste dirigent en komponis van M.A.T.I.E.) en prof. G. G. Cillié.

Maar wag, eer die totaal belaglike die ernstige en min of meer sublieme heeltemal verdring, laat ek my maar inbind deur die vereistes van tyd en ruimte.

Die gevaar van 'n mens se onthou-jy-nog is mos altoos dat dit jou soos grondbone — waarvan Stellenbosch, terloops, indertyd ook oormatig vol was — nie maklik wil los nie.

Só Bou Hul Matieland

(Hierdie bladsy is 'n gleufie waardeur oud-Maties 'n skrams kykie op die doenigheid van die huidige geslag in die Eikestad aangebied word.)

Studenteraad, 1960-'61

DIE nuwe Studenteraad is in Augustus, laaslede, soos volg saamgestel: Voorsitter: Mnr. Gideon Boshoff; vise-voorsitter: mnr. Pieter Kapp; sekretaris: mnr. Piet Grobler, tesourier: mnr. Flip Smit; addisionele lede: mnre. Willie Esterhuyse, Gert Terblanche, Tertius Delport, mej. Suzaan Mangold, mnre. Francois Hanekom, Graham Pienaar, Herman Gilliomee en Johan Vosloo.

Abe Bailey-Beurstoekennings

MNRE. INUS DANEEL en JOHN VISSER, albei senior studente van Dagbreek, het Abe Bailey-Beurstoekennings ontvang. Die beurse stel hule in staat om drie maande in Brittanje te reis. Ons verneem dat albei daarna verder in Holland sal studeer. Mnr. Daneel, oorspronklik van Morgenster, Rhodesië, is 'n Kweekskolstudent, terwyl mnr. Visser tans die finale jaar LL.B.-kursus volg.

Die Coetzenburg-Tradisie Verstewig

DIE Sportkantoor van die Universiteit deel *Matieland* mee dat altesaam 740 studente vanjaar gereeld aan voetbal deelgeneem het. Tien bekers is Alma Mater-toe gebring.

'n Gedenkwaardige Sangfees

DIE Sangfees wat vanjaar op 8, 9 en 11 September in die Stellenbosse Stadsaal gehou is, sal nog lank „soos 'n deuntjie draal" in die herinneringe van die 2,500 bevoorregtes wat dit kon bywoon. Mnr. Tertius Delport, konvénor van die Sangfeeskomitee van die Studenteraad, deel *Matieland* mee dat heelwat meer as agthonderd studente aan die kore deelgeneem het. Benewens die geestesverryking wat die Fees en die wekelange oefeninge vóóraf vir die jeugdige deelnemers ingehou het, het die kultuur-instansies ook materiële voordeel daaruit gehaal. Die netto-opbrengs word naamlik in 'n bepaalde verhouding verdeel tussen die Langenhoven-Gedenksaalfonds, die Fonds vir die Konservatorium vir Musiek (waarvoor die lede van die Universiteitsvrouevereniging hul beywer) en die Vereniging vir Volksang en -musiek.

Sendingaksie van 535 Maties

WANNEER die passasiersbusse Sondagoggende in Pleinstraat toustaan, is meer as vyfhonderd Maties, lede van die twintig-jaaroue Christen-Studente-Sendingbond, op vertrek om die evangelie aan kleurlinge in en rondom Stellenbosch te bring. Dit is voorwaar 'n grootse en indrukwekkende verskynsel — hierdie dinamiese, doelgerigte en flink georganiseerde sendingaksie van so 'n aansienlike persentasie van die studentekorps.

Twintig groepe van werkers, met busse of fietse, trek na alle windstreke — Simondium, Faure, Windermere, boereplase in die omgewing van Stellenbosch, na inrigtings en verbeteringskole. Daar word nou ingeskakel met

'n Groepie studente-sendingwerkers op 'n Sondagoggend.

die werksprogram van plaaslike sendelinge en gepoog om, benewens persoonlike werk, die gewenste klimaat vir die prediking van die evangelie te skep.

Mnr. J. Niewoudt, voorsitter van die C.S.S.B., deel dan ook mee dat die studentewerkers vanjaar 3,013 volwassenes en 2,434 kinders met die evangelie op Sondagoggende bereik het. Gesonde christelike lektuur, bybels en bybeldele is ook onder die kleurlinge versprei. Aldus word die Goeie Boodskap deur hierdie besielde groep Matie-arbeiders gereeld en onder alle weersomstandighede aan 'n maksimum aantal mense, wat dit innig waardeer, gebring, en die hande van die plaaslike sendelinge op die oesland gesterk.

OUD-MATIEBONDTAKKE

Bethlehem

VAN mnr. Ludwig Diener (B.A. 1955, LL.B. 1957) verneem *Matieland* met genoegdoening dat die 40-tal oud-Maties aldaar op 15 Augustus 'n eie tak gestig het. Die voorsitter is ds. S. J. Serfontein, die onder-voorsitter, ds. P. J. Loots (die oud-Intervarsity-dirigent) terwyl mnr. Diener self die sekretariële en penningmeesterlike funksie sal vervul.

Verblydend was die aanwesigheid by die stigtingsvergadering van mnr. C. du P. Meyer, Matie-rugbyspeler van die jare 1919, '21 en '22 en lid van die 1921-Springboktoerspan na Nieu-Seeland onder wyle Theo Pienaar.

Die blou baadjie het geseëvier.

Benoni

'N GESELLIGE dinee van oud-Maties en hul eggenotes het op Donderdag, 13 Oktober, te Benoni plaasgevind. By die geleentheid was sowat sewentig oud-Maties byeen en die aand is terdeë geniet. Die Rektor, prof. dr. H. B. Thom, het die verrigtinge bygewoon en die aanwesiges een en ander oor die nuutste ondernemings aan die Universiteit meegedeel. By sy tuiskoms het die Rektor hoë lof gehad vir die puik reëlings van die plaaslige voorsitter, mnr. Michael Neser, en sy makkers.

George

MNR. D. B. Clur, sekretaris van die oud-Matiebondtak op George, berig dat die nuwe bestuur soos volg saamgestel is: Voorsitter, mnr. C. J. Botha; onder-voorsitter, mnr. L. Aucamp; sekretaris, mnr. D. B. Clur.

Dr. P. K. Albertyn wat oor die afgelope drie jaar as voorsitter opgetree het, is vir sy dienste bedank. Die grys proefbaadjie het die grootste aanhang geniet. Daar is besluit dat hierdie tak in die toekoms gereëlde vergaderings en funksies sal hou.

Goudveld (Welkom)

OP 27 Junie het sowat 70 oud-Maties in die Jeugsentrum van Welkom byeengekom om die tak *Goudveld* te stig, deel mnr. J. J. G. Wiid, die sekretaris, mee. 'n Interessante verskeidenheidsprogram is afgehandel — ook 'n verskeidenheid van herinneringe is deur die aanwesiges gedeel. Hierdie oud-Matiebondtak stel hom, onder andere, die loflike oogmerke ten doel om nuwe oud-Matie-intrekkers in daardie vinnig ontwikkelende gebied te verwelkom en om 'n fonds te stig waarmee behoeftige en verdienstelike studente gehelp sal word.

Die bestuur is soos volg saamgestel: Voorsitter, mnr. J. van Huyssteen; onder-voorsitter, mnr. R. J. N. Brits; penningmeester, mnr. K. Pretorius; sekretaris, mnr. J. J. G. Wiid.

Die tak het verder sommer vroeg in die Jaar van die Republiek — op 15 Oktober — 'n uithang-dinee gehou, by watter geleentheid prof. dr. D. H. Craven en mnr. P. J. Lombard, hoof van die Afdeling Openbare Betrekkinge, die eregaste was.

(Die eregaste het *Matieland* by hul terugkeer meegedeel dat dit 'n dinee-honderd was waar die gees van die aand so reg na die Matietradisie was. — Red.)

Kimberley

MNR. N. W. H. Smit, voorsitter van hierdie tak, vertel in 'n interessante mededeling van 'n kleurvolle vergadering gehou op 9 September. Die hoofdis was 'n lewendige bespreking van die drie proefbaadjies wat deur die manlike mannekyne op só 'n wyse vertoon is dat aldrie eenparig afgekeur is! „Die nuwe wapen

vind baie byval en almal voel sterk daaroor'. Die dertigtal aanwesiges het hul sterk uitgespreek ten gunste van die behoud van die gevestigde oud-Matiebaadjie of die bestaande Universiteitsbaadjie, albei met die nuwe wapen daarop. Die bestuur is soos volg saamgestel: Voorsitter, mnr. N. W. H. Smit; sekretaresse, mev. M. Pietersen; addisionele lede, mnr J. Pauw en T. Theron.

Hoëveld (Witbank)

DIE eerste jaarlikse dinee van hierdie tak waarvan in die vorige nommer van „Matieland" gewag gemaak is, is toe op 10 Junie gehou. „Dit was uiters geslaagd", berig die sekretaris, mnr. G. F. Stegmann. Drie-en-twintig oud-Maties het aangesit. Die Hoëveldse tak het 'n besonder teer plekkie vir „die blou baadjie met die pragtige wapen".

Klerksdorp

UIT Klerksdorp berig mnr. E. van der Merwe dat die proefbaadjies uitgestal is vir besigtiging deur oud-Maties. Die gryse trek die skaal met mening. Oud-Maties het ook nuttige wenke rakende die baadjie aan die hand gedoen. Die wapen vind algemene byval.

Mosselbaai

„DIE voorgestelde Oud-Matiebaadjies het toe ook op Mosselbaai hul draai gemaak en ons het op 6 September daaroor gesit", skryf mnr. P. B. Bruwer, die sekretaris en, terloops, ook oud-leerling van die Redakteur van *Matieland*. Die stemming was algemeen ten gunste van die donkerbloue. (Slegs die sekretaris voel heimlik vir 'n gryse — maar ook net heimlik. — Red.) Die bestuur is soos volg saamgestel:



Prof. dr. H. B. Thom, Voorsitter van die F.A.K. en Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, oorhandig 'n tjek van £1,000 namens die F.A.K. aan sy Edele F. H. Odendaal, Administrateur van Transvaal, ter stywing van die H. F. Verwoerd-Fonds.

Voorsitter, ds. I. L. Vos; onder-voorsitter, mnr. C. Knoesen; sekretaris, mnr. P. B. Bruwer; tesourier, mnr. P. M. Liebenberg.

(Ons sê dankie vir goeie wense, mnr. Bruwer, en sien uit na die beloofde naamlys van oud-Maties. — Red.)

Potchefstroom

DIE Bestuur van die Potchefstroomse oud-Matiebondtak rapporteer dat hy deeglike oorweging aan die proefbaadjies geskenk het, aldus mnr. P. W. van der Walt, die sekretaris. Die bestuur verkies die grys baadjie met dien verstande dat dit 'n donkerder grys moet wees. As alternatief stel die bestuur koningsblou voor, soos die blou in die wapen. Die wapen is heeltemal aanneemlik.

Wellington

VROEËR vanjaar het hierdie tak 'n interessante aand deurgebring toe dr. I. J. van Biljon en mnr. H. G. van Niekerk, albei van die Departement Sielkunde van die Universiteit, insiggéwende mededelinge gedoen het oor *Voorligtingsdienste vir Studente aan die U.S.* Die sekretaris berig dat hierdie tak „nog in volle bloei en werklike steun en belangstelling van ons lede staan".

Die bestuur is soos volg saamgestel: Voorsitter, mnr. H. J. Truter (Dagbreek, 1935); onder-voorsitter, mnr. G. P. Lochner (Dagbreek, 1931); tesourier, mnr. J. A. van Zyl (P.S.O. 1951); sekretaris, mnr. M. C. Roos (Wilgenhof, 1946).

VAN HEINDE EN VERRE

Mnr. M. T. de Waal (B.Sc. Ing. 1946), stadsingenieur van Bellville, is aangestel as siviele ingenieur vir die uitleg en ontwikkeling van die nywerheidsentrums wat vir die grensgebiede van die Unie beoog word.

Mnr. Willem Bouwer (B.A. LL.B. 1950), oud-Dagbreker en prokureur op Humansdorp, is op 3 Augustus onbestrede tot lid van die Provinsiale Raad vir Humansdorp verkies.

Prof. dr. Susarah Truter (M.Sc. 1946), professor aan die Fakulteit van Landbou aan die Natalse Universiteit, is onlangs as Dekaan van daardie Fakulteit aangewys. Prof. Truter is die enigste vrou in Suid-Afrika wat 'n prefessoraat in Landbou beklee.

Mej. Anna Ras (M.A. 1956), wie se M.A.-verhandeling oor die Kasteel en ander vroeë vestingwerke gehandel het, was een van die eerste S.A.-lugwaardinne wat die Boeing 707-Straalvliegtuig op sy eerste reis na Suid-Afrika vergesel het en in haar loopbaan reeds altesaam meer as miljoen lugmyle agter die rug het.

Mej. Aannaline Lubbe (LL.B. 1957), het met 'n beurs van die Amerikaanse Vereniging van Universiteitsvroue en 'n toelaag van die *Harvard Law School* na Amerika vertrek om verder in die Regte te studeer.

ONS ONTHOU HULLE

DS. A. F. LOUW

MET die heengaan op 16 Augustus vanjaar van die 93-jarige ds. A. F. Louw het ons Kerk en volk een van sy luisterrykste figure verloor, 'n unieke persoonlikheid vir wie daar net nie 'n dubbelganger bestaan het nie. Daar was maar net één van sy soort. Sy persoon en sy optrede het in die teken gestaan van frisse oorspronklikheid en selfs die ouderdom kon nie daarin slaag om hom van hierdie gawe te beroof nie.

Wat hy vir sy Kerk beteken het gedurende

Ds. A. F. Louw.

Voorsitter, ds. I. L. Vos; onder-voorsitter, mnr. C. Knoesen; sekretaris, mnr. P. B. Bruwer; tesourier, mnr. P. M. Liebenberg.

(Ons sê dankie vir goeie wense, mnr. Bruwer, en sien uit na die beloofde naamlys van oud-Maties. — Red.)

Potchefstroom

DIE Bestuur van die Potchefstroomse oud-Matiebondtak rapporteer dat hy deeglike oorweging aan die proefbaadjies geskenk het, aldus mnr. P. W. van der Walt, die sekretaris. Die bestuur verkies die grys baadjie met dien verstande dat dit 'n donkerder grys moet wees. As alternatief stel die bestuur koningsblou voor, soos die blou in die wapen. Die wapen is heeltemal aanneemlik.

Wellington

VROEËR vanjaar het hierdie tak 'n interessante aand deurgebring toe dr. I. J. van Biljon en mnr. H. G. van Niekerk, albei van die Departement Sielkunde van die Universiteit, insiggewende mededelinge gedoen het oor *Voorligtingsdienste vir Studente aan die U.S.* Die sekretaris berig dat hierdie tak „nog in volle bloei en werklike steun en belangstelling van ons lede staan".

Die bestuur is soos volg saamgestel: Voorsitter, mnr. H. J. Truter (Dagbreek, 1935); onder-voorsitter, mnr. G. P. Lochner (Dagbreek, 1931); tesourier, mnr. J. A. van Zyl (P.S.O. 1951); sekretaris, mnr. M. C. Roos (Wilgenhof, 1946).

VAN HEINDE EN VERRE

Mnr. M. T. de Waal (B.Sc. Ing. 1946), stadsingenieur van Bellville, is aangestel as siviele ingenieur vir die uitleg en ontwikkeling van die nywerheidsentrums wat vir die grensgebiede van die Unie beoog word.

Mnr. Willem Bouwer (B.A. LL.B. 1950), oud-Dagbreker en prokureur op Humansdorp, is op 3 Augustus onbestrede tot lid van die Provinsiale Raad vir Humansdorp verkies.

Prof. dr. Susarah Truter (M.Sc. 1946), professor aan die Fakulteit van Landbou aan die Natalse Universiteit, is onlangs as Dekaan van daardie Fakulteit aangewys. Prof. Truter is die enigste vrou in Suid-Afrika wat 'n prefessoraat in Landbou beklee.

Mej. Anna Ras (M.A. 1956), wie se M.A.-verhandeling oor die Kasteel en ander vroeë vestingwerke gehandel het, was een van die eerste S.A.-lugwaardinne wat die Boeing 707-Straalvliegtuig op sy eerste reis na Suid-Afrika vergesel het en in haar loopbaan reeds altesaam meer as miljoen lugmyle agter die rug het.

Mej. Aannaline Lubbe (LL.B. 1957), het met 'n beurs van die Amerikaanse Vereniging van Universiteitsvroue en 'n toelaag van die *Harvard Law School* na Amerika vertrek om verder in die Regte te studeer.

ONS ONTHOU HULLE

DS. A. F. LOUW

MET die heengaan op 16 Augustus vanjaar van die 93-jarige ds. A. F. Louw het ons Kerk en volk een van sy luisterrykste figure verloor, 'n unieke persoonlikheid vir wie daar net nie 'n dubbelganger bestaan het nie. Daar was maar net één van sy soort. Sy persoon en sy optrede het in die teken gestaan van frisse oorspronklikheid en selfs die ouderdom kon nie daarin slaag om hom van hierdie gawe te beroof nie.

Wat hy vir sy Kerk beteken het gedurende



Ds. A. F. Louw.

Drukwerk vir die Bantoe

Het u geweet dat NHD reeds Evangelies, Nuwe Testamente, liederebundels, 'n volledige naslaanbybel, algemene romans, Christelike romans en skoolboeke in nie minder nie as *elf* naturelletale gedruk het of in bewerking het? Die tale is Tiv, Ovambo, Herero, Nama, Tsonga, Sjona, Venda, Tswana, Sesoeto, Zoeloe en Xhosa.

Ons setmasjiene is derhalwe toegerus met al die nodige letters, leestekens en aksente vir hierdie tale. Gevolglik kan met die nodige aanvulling drukwerk in feitlik enige ander Bantoetaal onderneem word.

Wanneer u weer voor die probleem van drukwerk in 'n naturelletaal te staan kom, onthou dat dit werklik geen probleem is nie: skakel slegs dadelik met u naaste NHD-kantoor.

NASIONALE HANDELSDRUKKERY BEPERK

Verkoopafdeling: Waalstraat 35, Kaapstad. Posbus 4360. Tel. 2-2124

Drukkery: Posbus 120, Parow, Kaapstad. Tel. 98-3911.

V & R 2560A

'n bediening van meer as 'n halfeeu, laat ek daar omdat daar reeds in ander tydskrifte en koerante breedvoerig daaroor geskrywe is. Dit is egter nie so algemeen bekend in watter hoë mate ds. Louw se lewe en werk die Universiteit van Stellenbosch geraak het nie. Daarom is ek dankbaar dat *Matieland* langs hierdie weg 'n kransie op sy graf wou lê.

Vir ongeveer twintig jaar het opeenvolgende geslagte van studente die voorreg gehad om aan die voete te sit van hierdie groot vriend van jongmense. Ds. Louw het die kansel van Stellenbosch bedien tot sy tagtigste jaar en dit moet beskou word as een van sy grootste prestasies dat hy, tenspyte van sy hoë ouderdom, nog altyd tot die hart van die jeug kon spreek. En hoe meesterlik het hy dit nie reggekry nie! Sy hart was so jonk soos die gehoor wat hy voor hom gehad het. En dan, watter oud-Matie sal ooit daardie persoonlike gesprek met „Oom Affie" vergeet? As sy opvolger in hierdie gemeente het ek al dikwels gesê dat die breë, diep godsdienstige stroom wat daar deur die studentelewe van Stellenbosch loop, in 'n hoë mate moet toegeskrywe word aan die invloed en arbeid van hierdie begenadigde Evangeliedienaar. Hy het gebou aan die karakter van Stellenbosch en sodoende die hoogste diens aan sy *Alma Mater* gelewer.

Hy het in die Universiteitsraad gedien vanaf April 1939 tot April 1948 en hy was een van die lojaalste vriende van die Universiteit tot die dag van sy dood. Duisende oud-Maties oor ons land heen dank die Here dat, by alles wat Hy deur Stellenbosch aan hulle gegee het, ds. A. F. Louw een van die uitnemendste gawes was.

Ds. J. S. Gericke.

COENRAAD JOHANNES BEYERS
(B.Sc. 1943; M.Sc. 1946)

Die oud-Maties van Zebediela-Landgoed, Noord-Transvaal deel *Matieland* mee van die skielike heengaan, op 37-jarige leeftyd, van mnr. C. J. Beyers, hoofskeikundige van die Landgoed.

Coen Beyers was nie alleen 'n skrander student nie, maar ook 'n baie verdienstelike skeikundige analis en 'n navorser van formaat. Hy het 'n belangrike bydrae gelewer tot die oplossing van tegniese probleme van sitrusverbouing. Hy was iemand met 'n besondere wye belangstelling in die wetenskap. Ten tyde van sy heengaan was hy besig met sy doktorale proefskrif in verband met sitrusvoeding. In sy aanraking met sy medemens was hy minsaam en diensvaardig.

Matieland betuig hiermee sy opregte meegevoel met die nabestaandes van bogenoemde oud-Maties wat ons ontval het.

BRIEWEBUS

MNR. G. O. NESER (M.Sc. 1922, B.Educ. 1925) Paarl: Van die meer as 20,000 oud-Maties wat in hul jeug onder die eike op Stellenbosch rondgeslenter het, was Johan Buhr seker een van die skerpsinnigste. Tragies dat Suid-Afrika hom so vroeg moes verloor.

Ek het al dikwels by Maties wat hom intiem geken het, die gedagte gelaat dat iemand dit moet onderneem om 'n boek oor hom te skryf, maar tot dusver het daar niks van gekom nie.

Hoewel ons mekaar van sien geken het uit die vroeë twintigs, was dit eers aan die einde van 1928, toe hy teruggekom het na die Universiteit van Stellenbosch om die LL.B.-kursus te voltooi — en ek vir iets anders, dat ek eintlik met Buhr kennis gemaak het.

Met die herontmoeting het hy my byna omhels en by my eettafeltjie in die Uitspan aangesluit. Die meeste studente was te jonk vir hom om mee maats te maak en wat die ander tafelgangers betref, het hy nie reeds na die derde maaltyd ontdek dat hy meer van klerasie af geweet het as die deskundige kleremaker wat teenoor hom gesit het nie? Na ete het ons dikwels saam huiswaarts geloop hoewel hy nooit sy misnoeë kon verberg oor die fiets wat ek saamgestoot het nie — dit het hom te veel aan sy professore laat dink! Van die vereniging wat ons langs die pad gestig het, weet seker net ek, want ons twee was die

'n Boek is 'n geskenk van blywende waarde

DIE SOEKENDE MENS *deur W. A. de Klerk*

(Twee novelles: Lewendige Sake — Die Dam.)
„De Klerk (het) dit tog baie kundig en met groot begrip van menslike verhoudings vertel." — W. E. G. Louw oor Die Dam in „Die Burger". Prys: 15/6

DIE WÊRELD WAT WAS *deur Fritz Steyn*

„Al die dinge wat *Jock of the Bushveld* klassiek gemaak het, het Die Wêreld Wat Was in nog ruimer mate." — Elizabeth Tredoux in „Sarie Marais". Prys: 15/6

DIE SILWER SOOM *deur A. C. Cilliers*

„Dis 'n boek dié wat 'n mens bo-op jou klere moet insit as jy inpak vir 'n lang naweek of 'n vakansie!" — W. E. G. Louw in „Die Burger". Prys: 18/6

VERSAMELDE PROSA *deur I. D. du Plessis*

Kortverhale, Kaapse sprokies, essays, reisbeskrywings, goëlstories, literêre beskouings. Prys: 18/6

WIGGELSTOK *deur D. J. Opperman*

Opstelle en kritieke wat elke liefhebber van die letterkunde moet besit. Prys: 18/6

GEDIGTE *deur Barend J. Toerien*

Sy verse het dikwels 'n klank van ironie en satire wat aansluit by die stemming van die moderne Franse digters. Prys: 15/-

C. L. LEIPOLDT *deur M. P. O. Burgers*

'n Studie in stof-keuse, -verwerking en -ontwikkeling. 'n Boek wat ons met vrymoedigheid aanbied as een van die indrukwekkendste geskenke van die jaar vir die liefhebber van die Afrikaanse letterkunde. Prys: 35/-

Verkrygbaar by alle boekhandelaars

Posgeld ekstra

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Parow · Johannesburg · Port Elizabeth · Bloemfontein
Kaapstad

Sterkte!

Lion Export Ale

VZ006124/3

enigste lede. As ons nie eenparig oor 'n saak kon besluit nie, is 'n stembus gereël waarby elkeen sy „gevoelente" as 'n desimaal aangegee het. Sê, byvoorbeeld, die telling was 0.4 en 0.7 daarvoor dan het die meerderheid geseëvier en ons het saam gaan fliek.

In 1929 was hy by 'n koerant werksaam en ek moes aan hom skryf om 'n sekere fotoblok vir ons skool te verkry. Hy het geweet dat ek geen hoë dunk van die joernalistiek as beroep gehad het nie en ek het hom seker 'n bietjie te lyf gegaan want sy antwoord, wat hier langs my lê, lui:

Beste Neser,

Ek het jou brief ontvang en stuur jou die blok ten spyte daarvan, waaruit ek vertrou dat jy sal aflei dat daar heelwat meer goeds in die menslike natuur is as wat jou intensiewe selfstudie jou klaarblyklik laat dink. As ek dit so gou moontlik terugkry, sal ek aflei dat my vertroue in die potensialiteit van die menslike natuur om aangename verrassings te lewer nie ongegrond was nie . . .

Ek glo dat die meeste van Buhr se letterkundige bydraes as koerantman anoniem verskyn het en dus nie herkenbaar is nie, maar ek wonder tog. Daar behoort genoeg Buhriana beskikbaar te wees. 'n Lewensgeskiedenis, met een en ander wat hyself geskryf het en bydraes deur sy tydgenote oor die man en wat hy gesê het — sou sy nagedagtenis waardig wees. 'n Paar wat hom die beste geken het en letterkundig onderleg is, sou as keurders en redakteurs kon optree.

Johan Buhr het inderdaad al 'n legende geword, maar kan ons bekostig om van die geestesvrugte wat hierdie geniale figuur met soveel kwistigheid rondgestrooi het, somerso verlore te laat gaan?

Sal *Matieland* nie help om belangstellendes bymekaar te bring en hierdie onderneming te loods nie? Of, is dit nie die moeite werd nie?

(Of dit die moeite werd is? *Matieland* wag gretig op die antwoord van Buhr se tydgenote — Red.)

Ds. J. Londt (B.A. 1944), van die N.G. Sending, Kasungu, Njasseland („ons noordelikste sendingstasie") skryf sommer 'n volblad-geselsbrief met 'n magdom wetens- en lesenswaardighede. „Met ons hier in die bos gaan dit nog *goed*. Die politiek is nou wel nie altyd so vriendelik teenoor ons nie, maar as 'n mens met die volk saamleef, kry jy 'n goeie element wat nog diep ingeweef lê en 'n diepgewortelde hartlikheid teenoor ons en die Woord wat ons bring". Dan laat ds. Londt ons watertand as hy van die swartwitpense en bastergemsbokke vertel asof die kuddes so 'n twintig-dertig treë van ons skryftafel af wei.

Ds. Londt doen interessante mededelinge oor die werk wat in sendingskole in die gebied gedoen word.

Prof. dr. Gerhard Beukes (B.A. 1935, D.Litt. (Pret.)) en *mev. Beukes* van Bloemfontein laat hul bydrae vergesel van „'n hartlike groet – en baie weemoed om die mooi ver dae in Matieland".

Ds. J. D. Roos (1907) van Hartebeespoort, Transvaal, stuur 'n £5-tjekkie en goeie wense vir *Matieland*, die Universiteit, „en alles in verband met ons U.S. — ons sal help stoot!"

(Dankie vir die gesindheid, dominee — Red.)

Ds. Leon M. Steenkamp (B.A. 1940) is vroeër vanjaar bevestig tot predikant van Eendekuil nadat hy 'n aantal jare die 70,000 vk. myl-groot gemeente van Gobabis in Suidwes-Afrika bearbei en ook opgetree het as die Scriba Synodi van Suidwes.

Mnr. J. Gryffenberg (B.A. 1956) van die N.G.-skool vir Afrikaanssprekende kinders op Bothashof, naby Salisbury, deel mee dat sewe van sy kollegas uit 'n personeel van sewentien oud-Maties is en verneem of die proefbaadjies nie straks op hul omswerwinge ook 'n draai by Bothashof kan maak nie.

Mev. Dora Musiol (geb. Louw (B.A., 1945) van Rietfontein, Pretoria: „Die uitgee van „Matieland" was 'n gulde gedagte — vir ons as oud-Maties bring die ontvangs daarvan altyd 'n gewisse trots gemeng met 'n tikkie heimwee . . ." Mev Musiol is tans taalvakkundige verbonde aan die Vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie.

(Ons waardering vir die heilwense, mevrou! — Red.)

Dr. A. H. de Swardt (B.A. 1935, M.A. 1941), stuur 'n bydrae en verklaar dat *Matieland* „help om 'n mens jonk en die band met ons ou universiteit stewig te hou".

Dr. De Swardt is gewese hoof van die Hoërskool Pellissier, Bethulie, en die afgelope paar jaar Inspekteur van Onderwys in Bloemfontein.

DIE „MATIELAND"-FONDS

TOT op 5 Julie 1960 het ons lesers £1,008 4s. 10d. tot die Fonds bygedra. Sedertdien is van die volgende persone bydraes ontvang, wat ons hiermee met dank en waardering erken:

	£	s.	d.
Totaal (tot 5 Julie 1960)	1.008	4	10

Naam en Adres	*Bedrag* £	s.	d.
Bakkes, Mnr. I. S., P/a Paaie Afdeling, Provinsiale Administrasie, Posbus 2603, Kaapstad	1	1	0
Bester, Ds. D. W. S., N.G. Pastorie, Harding, Natal	1	0	0
Bester, Mev. E. J., „Semper Idem", Posbus 80. Theunissen, O.V.S.	2	0	0
Beukes, Prof. en Mev. G., Universiteit van die O.V.S., Bloemfontein	1	1	0
Beukes, Mnr. P. en Van Heerden, Mev. C., Helderbergstraat 9, Stellenbosch	2	0	0
Bezuidenhoud, Ds. J. G., N.G. Pastorie, Posbus 100, Barkly-Oos, K.P.	1	0	0
Blommaert, Mnr. E. A., Posbus 94, Stellenbosch	2	2	0
Boonzaaier, Mnr. N. M., Posbus 28, Wolmaransstad	1	0	6
Booysen, Mnr. J. v. d. M., Laerskool, Malvern	1	1	0
Bosman, Dr. en Mev. P. J., Murraystraat 10, Stellenbosch	2	0	0
Botha, Mnr. J. H. P., Die Hoërskool, Posbus 56, Vanrhynsdorp	1	0	6
Botha, Mev. M. C., Loganstraat 35, Touwsrivier	1	0	0
Brink, Mnr. en Mev. C. H., Posbus 173, Boksburg	1	1	0
Bruwer, Mnr. J. A., Unie Sterrewag, Johannesburg	1	0	0
Buhr, Mnr. E. A., Posbus 14, Niewoudtville, K.P.	3	0	0
Burger, Mnr. F., Crozierhof 8, Stellenbosch	1	0	0
Conradie, Mnr. D. P., Posbus 1, Somerset-Wes	1	0	0
Cooper, Mnr. J. C., Landdros, George	1	0	0
De Kock, Mnr. J. J., P & G Woonstelle 7, Pretoriusstraat 658, Arcadia, Pretoria	3	3	0
De la Bat, Mev. D. E., Nuwe Goewermentsgebou 740, Rissikstraat-Suid, Johannesburg	1	0	6
De Swardt, Dr. A. H., Wilcocksweg 62, Bloemfontein	1	10	0
De Waal, Mnr. P. H., Fakulteit van Bosbou, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch	1	10	0
De Wet, Mnr. J. R., Posbus 9, Smithfield	2	2	0
De Wit, Mej. M. L., Posbus 864, Pretoria		10	0
Dönges, Dr. T. E., Ministerie van Finansies, Uniegebou, Pretoria	5	0	0
Du Plessis, Mnr. D. G., Posbus 1, Sanlamhof, Bellville	1	0	6
Durow, Mnr. G., Hoërskool, Greytown	1	1	0
Du Toit, Dr. en Mev. A. S., Sudafrikanische Gesandschaft, Wien 111, Reisnerstrasse 48, Osterreich	3	3	0
Eich, Mej. M. E., Riebeeckstraat 78c, Worcester	1	0	0
Engelbrecht, Mnr. J. J., 85 Derde Sirkel, P.K. Ulco, Oor Kimberley	1	0	0
Ferreira, Mnr. en Mev. F. H., Posbus 788, Port Elizabeth	1	1	0
Ganz, Mnr. L., Naudestraat 640, Wonderboom-Suid, Pretoria	1	0	0
Gaerdes, Mnr. H. B., Ambassade van die Unie van Suid-Afrika, 51, Ave. Hoche, Parys, Frankryk	3	0	0
Gous, Luit.-Kol. J. P., S.A. Polisie-Hoofkwartier, Posbus 449, Pretoria	1	1	6
Gryffenberg, Mnr. J. v. Z., Bothashof, Posbus 3900, Salisbury, S.R.	1	10	0
Hanekom, Mnr. F. v. S., De Beersweg 93, Strand	1	1	0
Hattingh, Mev. C. M., Reitzstraat 41, Potchefstroom	1	0	6
Heese, Dr. H. de V., Hampstead Heath 19, Pinelands, K.P.	2	2	0
Heyl, Mnr. L., Posbus 1131, Port Elizabeth	1	0	0
Hofmeyr, Mnr. en Mev. J. H., Posbus 16, Riversdal, K.P.	2	2	0
Human, Mnr. C. J. F., Posbus 3079, Kaapstad	2	0	6
Immelman, Mnr. G. J., Posbus 25, Hennenman	1	1	0
Jonker, Mev. E. M., Myrtle Grove, Bonnievale	1	0	0
Joubert, Mnr. A. J., Brinkstraat 1, Ladismith, K.P.	1	1	0
Joubert, Mnr. G. J., Pamushana Sendingstasie. Privaatsak 9025, Fort Victoria, S.R.		10	6
Kellerman, Dr. J. E., Langstraat, Montagu	1	0	6
Kleynhans, Adv. T. E., Dorpstraat 1, Kaapstad	1	0	6
Kotzé, Dr. P. J., p/a Couzyn Hertzog en Horak, Posbus 125, Pretoria	2	2	0
Krige, Prof. G. J. R., Departement Chemie, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch	2	2	6
Krijnauw, Adv. en Mev. P. H. J., p/a Die Prokureur-Generaal, Privaatsak, Pietermaritzburg	1	1	6
Kritzinger, Dr. A., Dept. Akkerbou en Weiding, Privaatsak 124, Pretoria	1	0	0
Kritzinger, Mej. S. M., Pontacstraat 5, Paarl		10	0
Le Roux, Mnr. D. F., Nywerheidskool, Dewetsdorp. O.V.S.	1	0	0

	£	s.	d.
Le Roux, Mnr. G. C., Esperanza Hostel, Vredenburg	1	1	6
Le Roux, Mnr. H., Venice-Hof 3, Langestraat, Uitenhage	1	0	0
Londt, Ds. J., Posbus 32, Kasungu, Nyasaland	1	0	0
Lotriet, Mnr. A. H., Posbus 232, Stanger, Natal	1	0	0
Loubser, Dr. M. M., Ormondeweg 26, Muckleneuk, Pretoria	1	1	6
Malan, Ds. D. J., Kollegelaan 7, Bloemfontein		10	0
Malherbe, Mnr. J. C., Reitzstraat 20A, Potchefstroom	1	1	0
Malherbe, Mnr. P. E., Posbus 8554, Johannesburg	1	1	0
Malherbe, Dr. P. le R., Machabäerstrasse 75/77, Köln, Duitsland	2	0	6
Marais, Dr. I. v. Z., Southeystraat 33, Harrismith, O.V.S.	1	0	0
Marais, Ds. en Mev. J. S., Die Pastorie, Williston, K.P.	1	0	6
Marais, Mnr. P. S., Duminystraat 44, Bellville	1	10	0
Marincowitz, Mnr. N. J., Posbus 3768, Johannesburg	1	1	6
McDonald, Ds. A. J., Die Pastorie, Hennenman	1	10	0
Minnaar, Mnr. J. A. J., Ou Tweefontein, P/S Bothashoek, Graaff Reinet, K.P.	1	1	6
Minnaar, Ds. K., Citundu, Pk. Mayani, N.A. Tambala, Nyasaland	2	0	0
Möller, Luit. A. P., 1 Mobiele Wag S.A.G., Militêre Kamp, Potchefstroom	1	0	6
Moorreesburgse Vriendekring	8	0	0
Morkel, Mnr. P. K., Bellevue, Koelenhof	2	0	0
Mostert, Mnr. F. J., Markstraat, Hopefield	1	1	6
Mostert, Mnr. G. J., Proteastraat, Wolseley	1	1	0
Münchmeyer, Mej. M. I. A., Vooruitsig 5, Pastorielaan, Paarl	2	2	0
Musiol, Mev. D., 16de Laan 523, Rietfontein, Pretoria	1	0	0
Naudé, Mev. A. S., Langstraat 21, Lichtenburg	1	0	0
Nel, Mnr. A. C., Privaatsak 15, Stellenbosch	1	0	6
Nel, Mnr. J. E., Grootfontein Landboukollege, Middelburg, K.P.	1	0	0
Neser, Mnr. G. O., Septimusstraat 17, Paarl	1	0	6
Nicholson, Mnr. R. M., Schoongezicht, Posbus 33, Stellenbosch	1	0	0
Niewoudt, Mnr. G. J. v. T., Voortrekkerweg, Lambertsbaai		10	6
Odendaal, Dr. G. C. V., Goree, Robertson	5	5	0
Pauw, Mej. P., Hoër Handelskool, Paarl	1	1	0
Peter, Mnr. E. O., Posbus 32, Omaruru, S.W.A.	1	10	0
Potgieter, Dr. F. J., Posbus 8124, Johannesburg	2	2	6
Read, Mnr. en Mev. M. B., Bronkhorststraat 102, Groenkloof, Pretoria	1	0	0
Rens, Mev. E., Posbus 192, Kliptown, Johannesburg	1	0	0
Riedemann, Mnr. G. J., „Bethel", Meulstraat, Paarl	1	0	0
Rohrbeck, Mnr. C. F. A., Posbus 10, Mosselbaai		10	6
Roos, Mnr. H. H., Westergloor, Wellington	1	0	0
Roos, Ds. J., Pk. Hartbeespoort, Tvl.	5	0	0
Rossouw, Mnr. D. H., Askham, Upington	2	5	0
Rossouw, Kapt. J. H., Tak Liggaamlike Opleiding, S.A. Militêre Kollege, Voortrekkerhoogte, Tvl.	1	1	6
Roux, Mnr. J. P., Lawleystraat 20, Waterkloof, Pretoria	1	5	6
Saayman, Mnr. S. J., Bennetstraat 9, Uitenhage	1	1	0
Scholtz, Mnr. J. L., Sentrale Raad vir die Suikernywerheid, Posbus 2160, Durban		10	0
Scholtz, Mnr. T. T., Brooklynweg 294, Menlo Park, Pretoria	1	1	0
Schoon, Mnr. W. F., Greeffstraat 19, Lichtenburg	1	0	6
Schreuder, Mev. E., Skuitjiesklip, Vredenburg		10	0
Schroeder, Mnr. E. W., Privaatsak 649, Louis Trichardt, N.Tvl.	1	0	0
Skibbe, Mnr. C. A., Porterstraat 23A, Worcester	1	1	6
Slabbert, Mev. J. B., Leeukuil, Privaatsak 19, Inyazura, S.R.	1	10	0
Smit, Mnr. F. van Zyl, p/a Regsadviseurs, Dept. van Justisie, Veritasgebou, Privaatsak 81, Pretoria	1	0	0
Smit, Ds. en Mev. P. R., N.G. Kerk Sending, Mvera, Privaatsak, Lilongwe, Nyasaland	1	2	6
Stander, Mnr. A. H., Posbus 475, Germiston		10	0
Steenkamp, Ds. L. M., Posbus 22, Eendekuil	1	0	0
Stern, Mr. R. W., „Wychwood", 6 Orchard Street, Newlands, C.P.	1	1	0
Strauss, Mnr. N. J., Posbus 302, Kroonstad	2	2	0
Strydom, Mnr. A. E., Hoërskool, Mafeking	1	0	0
Strijdom, Mnr. J. J., Hoofstraat 36, Citrusdal	1	0	0
Stumpfe, Mnr. H. G., Posbus 48, Mariental, S.W.A.	2	0	0
Swart, Mev. C. J., Posbus 26, Kirkwood	2	2	0
Terblanche, Mnr. S. E., p/a Die Prokureur-Generaal, Paleis van Justisie, Pretoria	1	1	0
Theron, Mnr. J. A., Hoërskool, Bonnievale	1	0	6
Tindall, Oud-Regter B.A., „Civil Service Club", Posbus 130, Kaapstad	1	1	6
Van Aarde, Mnr. I. M., Posbus 42, Keimoes, K.P.	1	0	6
Van der Merwe, Dr. en Mev. C. R., Arcadiastraat 870, Arcadia, Pretoria	1	1	0
Van der Merwe, Prof. P. W., Soeteweide 13, Stellenbosch	1	0	0

	£	s.	d.
Van der Merwe, Mnr. S. W., Seunshostel, Butterworth, K.P.	1	0	0
Van der Spuy, Mnr. P. v. A., „Die Rooi Draai", Heroldsbaai, George	1	0	3
Van Eeden, Dr. O. R., Posbus 401, Pretoria		10	0
Van Huyssteen, Mnr. C. F., Ermelo Hoërskool, Posbus 147, Ermelo	2	0	0
Van Niekerk, Mnr. J. W., Posbus 2498, Windhoek, S.W.A.	1	1	0
Van Rensburg, Mnr. F. G. J., Posbus 669, Pretoria	1	0	6
Van Schalkwyk, Ds. en Mev. J. J., Die Pastorie, Vosburg	1	1	0
Van Soelen, Mnr. en Mev. J. N., Erasmusstraat 52, Ladybrand, O.V.S.	1	1	0
Van Wyk, Prof. A. C., Sending Instituut, Wellington	1	0	0
Van Wyk, Mnr. W. J., Posbus 221, Graaff-Reinet	2	2	0
Vedder, Dr. H. H., Privaatsak 22, Okahandja, S.W.A.	1	0	0
Venter, Mnr. G. S., Laerskool Parow-Oos, Parow, K.P.	1	0	6
Vermeulen, Mnr. O. C., Posbus 55, Nelspruit	1	1	0
Viljoen, Mej. A. M., Piet Retiefstraat 31, Tulbagh	1	1	6
Visser, Dr. L. L. J., Ned. Geref. Pastorie, Waterlooweg, Wynberg, K.P.	1	1	0
Von Ahlften, Mnr. J. K., Posbus 60, Sasolburg	1	0	6
Webb, Dr. Michael, Zoology Department, Wentworth Buildings, University of Natal, Durban	2	2	6
Wiegand, Ds. H. J., Posbus 649, Bloemfontein	1	0	6
Totaal (tot 21 Oktober 1960)	£1,198	15	7

L.W.: Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die „Matieland"-fonds betaalbaar gemaak word.

Staal VIR VOORUITGANG!



Staal is die slagaar van vooruitgang in elke nywerheidsland. In die Unie word meer as 70 persent van alle staal wat verbruik word, deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk — algemeen bekend as Yskor — voorsien.

Vier-en-twintig uur elke dag en sewe dae elke week word staal in Yskor se reuse-werke in Pretoria en op Vanderbijlpark vervaardig .... altesaam sowat 1,800,000 gietblokton per jaar. Grootskaalse uitbreidings wat tans aan die gang is, sal hierdie werke se totale produksievermoë weldra verhoog tot 2,350,000 gietblokton per jaar!

Meer staal beteken meer werk en meer arbeidskragte. Yskor het die dienste nodig van metallurgiese, chemiese, werktuigkundige, elektrotegniese en mynboukundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, die lettere en handel in die onderneming se navorsings- en administratiewe departemente geplaas kan word.

Werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, ontspannings- en ander welsynfasiliteite. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Het u al 'n loopbaan in die staalbedryf oorweeg? Indien wel, mag dit u loon om nadere besonderhede aan te vra by die Bestuurder, Departement Personeel.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

POSBUS 450 **PRETORIA**



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . en die beste.

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte. en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk en die beste.

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier